Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis Graad 5

By:
Siyavula Uploaders

Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis Graad 5

By:
Siyavula Uploaders

Online:
< http://cnx.org/content/col10987/1.2/ >

C O N N E X I O N S

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/).
Collection structure revised: September 23, 2009
PDF generated: February 5, 2011
For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 105.

Table of Contents

1 Kwartaal 1
- **1.1** Jou provinsie se verlede: argeologie ... 1
- **1.2** Jou provinsie se verlede: sketse en diagramme ... 5
- **1.3** Jou provinsie se verlede: Kaarte ... 11
- **1.4** Jou provinsie se verlede: navorsingstaak ... 17

2 Kwartaal 2
- **2.1** Leefwyse van die vroeere bewoners ... 23
- **2.2** Die San en die Khoina ... 29
- **2.3** Die swart mense ... 37
- **2.4** Die mense van Europa en Asie ... 43

3 Kwartaal 3
- **3.1** Inheemse wonings ... 47
- **3.2** Vroee Kaapse huise en pioniershutte ... 52
- **3.3** Voedsel vir Afrika ... 61
- **3.4** Musiek uit Afrika ... 68

4 Kwartaal 4
- **4.1** Romeinse Ryk: Ontstaan en leefwyse ... 75
- **4.2** Drie besienswaardighede in Rome ... 83
- **4.3** Skole en kerke in die Romeinse Ryk ... 91
- **4.4** Die Romeinse weermag ... 97

Attributions ... 105

Chapter 1

Kwartaal 1

1.1 Jou provinsie se verlede: argeologie[1]

1.1.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

1.1.2 Graad 5

1.1.3 ONTDEK DIE VERHAAL VAN JOU PROVINSIE

1.1.4 Module 1

1.1.5 JOU PROVINSIE SE VERLEDE: ARGEOLOGIE

1. Hoe argeologie jou kan help om jou provinsie se verlede beter te verstaan
   Ons kan die verlede bestudeer deur te kyk:
   Hoe mense geleef het; en
   Watter dinge hul gebruik het om mee te leef.
   In hierdie leereenheid gaan jy vier oefeninge doen om jou hiermee te help.

1.1.5.1 AKTIWITEIT

1.1.5.2 HOE OM BRONNE TE BEKOM, GEBRUIK EN VERSLAG TE DOEN

1.1.5.3 [LU 1.1; 1.2; 1.3]

(a) Die volgende voorwerpe is in 'n grot gevind! Werk in pare en bespreek die volgende vragies:

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25763/1.1/>.

Figure 1.1

1.

Figure 1.2

2.

Figure 1.3

3.

Waarvoor is die voorwerpe gebruik?

Hoe het hulle dit gemaak?

Waarvan is dit gemaak?

Wanneer is dit gemaak?

Die volgende items is in jul buurman se vullishouer gevind. Die items wat bo in die drom was, is eerste neergeskryf, en dit wat heel onder in was, laaste.

OPDRAG VIR JOU!

(b) Verdeel in jul groepe en gebruik die leidrade om soveel as moontlik van dié gesin uit te vind. Skryf daarna 'n kort verslag oor 'n tipiese dag in hul lewens.

vleisbene

twee leë koeldrankblikkies en 'n wynbottel

twaalf sigaretstompies

aartappelskille
Die *Rapport*
'n leë Weetbix-houer
eierdoppe
stukkies afvalbrood
leë Dogmor-houer
twee leë Pick 'n Pay-sakke
'n leë Solly Kramer-sak
Radio en TV-tydskrif
vier ou vonkproppe, oliefilter
leë olieblik
gebruikte teesakkies, melkhouer
stukkende rugbybal
(Jou onderwyser kan ook sy/haar eie leidrade skool toe bring om die oefening nader te bring aan die werklikheid!)

1.1.5.4 HET JY GEWEET?

As jul as speurders inligting hieroor ingesamel het, word jul argeoloë genoem, en is jul besig met:

A									E

Table 1.1

'n Argeoloog kan ook inligting van rotstekeninge verkry. Ons gaan nou die San se rotstekeninge bestudeer.
AGTERGROND VIR JOU!
Daar is al meer as twee miljoen jaar lank jagter-versamelaargroepe in Suider-Afrika. Reeds 10 000 jaar gelede het die eerste groep jagter-versamelaars, soos die San, in Suid-Afrika aangekom. Hulle het in klein gesinsgroepe rondgetrek op soek na kos.
Dit word gestaaf deur navorsing oor hul beendere, rotstekeninge en gereedskap.
Meestal moes die mans jag en die vrouens wilde plantvoedsel (onder meer vrugte, bolle) versamel. Hulle het ook vis gevang. Gedurende die winter het hulle gewoonlik in 'n rietskerm of in grotte gebly. In die somer het hulle sommer in holtes geslaap wat met gras of riete uitgelê is. Die San se "klere" is natuurlik van vel gemaak.
(c) Jou maat is 'n argeoloog. Sê of sy afleidings oor die rotstekeninge waar of vals is.



Figure 1.4

		WAAR	VALS
1.	Terwyl almal dans, sit die vrouens eenkant en klap hande.		
2.	Die mans dra drie stokke om maat of ritme mee te hou.		
3.	Die mans dra musse met wildsbokhare.		
4.	Die tekening was oorspronklik in rooi.		

Table 1.2

Figure 1.5

		WAAR	VALS
5.	Die San het meestal alleen gejag.		
6.	Hul kon diere jag wat groter en sterker as hulle was.		
7.	Die San was goeie jagters.		

Table 1.3

(d) Bekom bronne waaruit jy die volgende inligting kan kry. Verskaf die naam van die bron en die bladsy waarop die inligting voorkom.

1. Hoe het die San wildediere gejag?
2. Hoe sou hulle die vuur aan die brand gekry het as hulle vleis wou gaarmaak?
3. Het die San diere makgemaak? Motiveer.
4. Hoe het hul belangrike stories (soos 'n groot jagtog) vir die nageslagte bewaar?

1.1.6 Assessering

LU 1

GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 bronne vind:

- met leiding bronne kies wat nuttige inligting oor die verlede bevat;

1.2 met bronne werk:

- inligting uit 'n verskeidenheid van bronne opteken en kategoriseer;

1.3 vrae beantwoord:

- volhou om inligting uit bronne te gebruik om vrae te beantwoord oor mense, gebeure, artefakte uit die verlede.

1.1.7 Memorandum

Aktiwiteit

a) Voorwerpe soos potte, skrapers/krappers en pylpunte is met die hand veral van klei, klip, been en hout gemaak, ongeveer 2 miljoen jaar gelede.
b) Argeologie
c)

- (1) Waar
- (2) Vals
- (3) Waar
- (4) Waar
- (5) Vals
- (6) Waar
- (7) Vals
- Pyl, boog

- Gebruik twee stokkies (een hard, een sag). Die harde stokkie word vinnig heen en weer in die hande gedraai, met die punt in 'n gaatjie in die sagte stok. Na 'n rukkie begin die sagte stok te rook. Droë gras word dan op die kooltjie gepak en die smeulende stok word aangeblaas.
- rotstekeninge (skilder)

1.2 Jou provinsie se verlede: sketse en diagramme[2]

1.2.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

1.2.2 Graad 5

1.2.3 ONTDEK DIE VERHAAL VAN JOU PROVINSIE

1.2.4 Module 2

1.2.5 JOU PROVINSIE SE VERLEDE: SKETSE EN DIAGRAMME

Hoe sketse en diagramme jou kan help om jou provinsie se verlede beter te verstaan
AGTERGROND VIR JOU!

Omtrent 2 000 jaar gelede het die Khoina, wat veral veeherders was, hier aangekom uit die noorde. Hulle het in gebiede gebly waar hulle kon jag en plantvoedsel versamel en waar veral genoeg weiding vir hul skape

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25774/1.1/>.

en beeste was. Hulle het in groot groepe gebly en moes dikwels rondtrek. Daarom het hulle min besittings gehad. Hutte is gebou van gebuigde latte met rietmatte bo-oor. Buite-om was 'n omheining. Hulle het beesmis en bloed op die vloere gesmeer en op biesiematte geslaap. Potte en melkemmers is so ontwerp dat dit oor die diere se rûe vasgemaak kon word.

AKTIWITEIT

OM SKETSE EN DIAGRAMME TE GEBRUIK OM DIE VERLEDE BETER TE VERKEN

LU 1.2

Bestudeer meegaande bronne en beantwoord dan die vrae wat volg:

BRON A

Figure 1.6

BRON B

Die Khoina het die volgende voorwerpe uit die omgewing gebruik om aan die lewe te bly.



Figure 1.7

(a) Weet jy waarvan hulle die volgende voorwerpe gemaak het? Kies gerus uit meegaande lys.

	hutte	stamme, riete, klei, velle
	klere	
	halssnoere	
	wapens	
	pype	
	houers	
	potte	
	skoeisel	

Table 1.4

Figure 1.8



Figure 1.9

Wat is die verband?

Watter kruie gebruik julle in die kombuis?

NEDERLANDSE BOERE

Soos julle reeds weet, het die V.O.C. 'n sterk handelsmaatskappy geword. Baie van hul skepe het vanaf Europa na die Ooste gevaar. In 1652 word Jan van Riebeeck gestuur om met 'n halfwegstasie aan die Kaap te begin.

In 1657 het hy toestemming aan die eerste nege boere (vryburgers) gegee om te begin boer op klein plasies. Die V.O.C. wou genoeg vrugte, groente en graan aan die skepe lewer, en sodoende ook hul uitgawes

verminder. Die V.O.C. het die vryburgers se produkte teen vasgestelde pryse gekoop. Soos die vryburgers vermeerder het, het hulle ook by ander landboubedrywighede betrokke geraak.

(b) Bestudeer onderstaande statistiek oor die boerderybedrywighede van die vryburgers. Sê dan of die bewerings daaroor waar of onwaar is. Indien onwaar, verskaf die korrekte feite.

JAAR	BEESTE	SKAPE	WYN (LÊERS)	KORING (MND)
1711	20 743	116 256	1 094	20 526
1713	16 557	120 208	1 617	12 360
1783	62 762	310 904	3 239	14 983
1788	80 921	445 557	7 186	22 280
1795	71 664	418 817	6 271	32 936

Table 1.5

Verwerk uit: H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van S.A. tot 1854*, p. 93.

1. In 1713 het koringboere oorgeskakel na veeboerdery.
2. Die afname in graanproduksie van 1711 na 1713 was te wyte aan droogtes, ontydige reëns of siektes.
3. Vanaf 1788 moes die regering koring invoer weens 'n tekort.

In 1780, toe daar omtrent 10 500 Vryburgers was, het die V.O.C. die gebied tot by die Oranjerivier in die noorde en die Visrivier in die ooste beheer.

Graan-, wyn- en veeboere het daartoe bygedra dat die noord- en oosgrens verder verskuif het. Die graanboere het hul grond om die beurt beplant en 'n jaar lank laat braak lê. Die swaar ploeg is deur osse gesleep. Vanaf Desember is graan geoes, in klein bondels gebind en opgestapel. Daar is van soggens vroeg tot saans laat gewerk. Gewoonlik het die suidoostewind gehelp dat graan gedors is. Daarna is die graan skoongemaak, uitgemeet, in sakke gesit en dadelik dorp toe of na 'n meulenaar gestuur.

Figure 1.10

(c) Ontwerp nou jou eie advertensie vir werkers op jou koringplaas.

Die gesinne was meestal groot. Op die plase was ook bywoners, meestal Khoina-bediendes. Ryker boere het slawe besit. Die vrouens het die kinders opgevoed (soms skoolgehou) en moes kos voorberei. Die mans het meestal te perd vee versorg of gejag. Hulle het hul eie droëvrugte, botter en seep gemaak en velle gelooi. Koffie, tee, suiker, gewere, buskruit en lood was baie skaars en is gewoonlik by rondreisende smouse gekoop. (Onthou: 'n reis na Kaapstad het omtrent drie maande geduur!)

(d) GROEPWERK VIR JULLE!

Verdeel in groepe. Bestudeer die onderstaande sketse. Elke groeplid kry nou geleentheid om 'n vraag oor 'n skets te stel wat die ander groeplede dan probeer beantwoord. Dit mag net nie 'n ja/nee vraag wees nie. Die groepleier kan die vrae wat jul nie kan beantwoord nie, neerskryf sodat ons dit later aan die hele klas kan stel.



Figure 1.11



Figure 1.12

(e) Ontwerp jou eie strokiesprent om 'n dag in die lewe van 'n veeboergesin te beskryf.

1.2.6 Assessering

LU 1

GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.
Dit is duidelik wanneer die leerder:
1.1 bronne vind:

- met leiding bronne kies wat nuttige inligting oor die verlede bevat;

1.2 met bronne werk:

- inligting uit ‘n verskeidenheid van bronne opteken en kategoriseer;

1.3 vrae beantwoord:

- volhou om inligting uit bronne te gebruik om vrae te beantwoord oor mense, gebeure, artefakte uit die verlede.

1.2.7 Memorandum

Aktiwiteit

a)	KlereHalssnoerWapensPypHouers, potteSkoeisel	Vel, riete en gras (hoede, mandjies)Sade, velsakkies met klippe in (rafels), skulpe, riet, horingBeen, klip, takke, gif (papie van kewer) slang, leer, kierie, wippeHoutLeersakke, skilpaddoppeDierevelle (gebrei)

Table 1.6

b)

- Onwaar, dit was slegs ‘n swak oes
- Waar
- Onwaar, daar was ‘n toename

1.3 Jou provinsie se verlede: Kaarte[3]

1.3.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

1.3.2 Graad 5

1.3.3 ONTDEK DIE VERHAAL VAN JOU PROVINSIE

1.3.4 Module 3

1.3.5 JOU PROVINSIE SE VERLEDE: KAARTE

Hoe kaarte jou kan help om jou provinsie se verlede beter te verstaan

1.3.5.1 AKTIWITEIT

1.3.5.2 HOE OM KAARTE TE GEBRUIK

1.3.5.3 LU 1.2

BOERE UIT DIE STEENTYDPERK

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25773/1.1/>.

(a) Eendag sien jy hierdie kaart van die Suidwes-Kaap by die museum. Die hoof vra jou later om te help om die volgende vyf brokkies inligting op die kaart aan te bring:

KIES DIE SKETS WAT PAS, EN TEKEN DIT OP DIE REGTE PLEK OP DIE KAART.



Figure 1.13

b) Watter gebeure het heelwaarskynlik plaasgevind as die volgende voorwerpe tydens opgrawings in 'n grot naby Saldanhabaai gevind is?

Skrapers, Potte, Houtwerkgereedskap,

Beenpunte, Klippe met gate in

(c) Ai, die eetgerei!

Werk in pare en maak 'n lys met vyf instruksies hoe jy met jou klip-eetgerei sal eet...

1.3.5.4 BOERE UIT DIE YSTERTYDPERK

Meegaande kaarte toon hoe die Ystertydperkboere ons land teen 200 n.C. (omtrent dieselfde tyd as die Khoina) binnegetrek het. Hulle was veral landbouers en het reeds ystergereedskap gebruik. Hulle het veral die oostelikedele van ons land verkies weens die gunstige kvir oeste en die vrugbare d. Swart landbouers het veral met skape en bokke geboer en die grond bewerk. Vir 'n ekstra gewin is gejag en versamel. Daarom het hulle minder rondgetrek en op sekere plekke gebly. Beboste dele is ook skoongemaak vir akkerbou. Dié boerdery was harde werk. Teen 1000 n.C. het vroeë boere al hoe meer aandag begin gee aan beesboerdery en na grasvelde getrek. Veeboerdery was nou belangriker as akkerbou.

(d) Gebruik meegaande bronne, beantwoord die vrae wat volg en hou 'n groepgesprek oor hoe die volgende ontwikkelinge ons land verander het:

- metaalgereedskap
- veeteelt
- Afrika-tale
- akkerbou

BRON 1



Figure 1.14

BRON 2



Figure 1.15

YSTERTYDPERKBOERE TREK ONS LAND BINNE
teen 150 n.C. woon boere reeds op die hooglande van Zimbabwe
200 n.C. woon boere reeds langs die kus van Mosambiek
250 n.C. woon boere reeds by Mzonjani in Natal
600 n.C. woon boere reeds in die breë riviervalleie van Natal
650 n.C. woon boere reeds in die suidelike gebied van die Transkei
BRON 3

Figure 1.16

BRON 4

Die swart landbouers was goed georganiseerd. So 'n groep het gewoonlik 'n aantal huisgesinne en families ingesluit. Hulle moes hul eie lede versorg - ook die bejaardes en siekes. 'n Deel van die oes moes altyd geberg word vir moeilike tye, soos droogtes. Normaalweg was die oudste man die gesinshoof. Vlugtelinge, ondersteuners, ander familielede of ander vreemdelinge kon uitgenooi word om hulle by die groep aan te sluit. Die mans moes gewoonlik die beeste versorg, terwyl die vrouens op die landerye moes werk. In dele wat meer geskik was vir akkerbou, moes die mans maar op die landerye help, aangesien dit hul grootste bron van inkomste was. Vrouens is egter toegelaat om kleinvee, soos bokke en pluimvee, te versorg.

VASVRA!

Waar het hulle al die materiaal gekry om huise mee te bou?

Uit watter materiale is gereedskap vervaardig?

Hoekom was daar so baie ashope in dié antieke dorpe?

Hoe het hierdie boere ystersmeewerk gedoen?

WIE WEET!
Hoe het hierdie boere
YSTERSMEEWERK gedoen?

Figure 1.17

1.3.6 Assessering

LU 1

GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.
Dit is duidelik wanneer die leerder:
1.1 bronne vind:

- met leiding bronne kies wat nuttige inligting oor die verlede bevat;

1.2 met bronne werk:

- inligting uit 'n verskeidenheid van bronne opteken en kategoriseer;

1.3 vrae beantwoord:

- volhou om inligting uit bronne te gebruik om vrae te beantwoord oor mense, gebeure, artefakte uit die verlede.

1.3.7 Memorandum

Aktiwiteit

a) 1) Dias 4) Steentydperk-implemente
2) Skerppuntpotte 5) Uitgeholde klippe

1) rotstekeninge

b)

- Hul was veral landbouers – het vee aangehou en die grond bewerk. Nuwe voedselsoorte is bekendgestel. Hout is met messe, byle, beitels verwerk tot huisgereedskap – soos melkemmers, skottels, stampblokke, lepels, tabakpype.
- Ystererts is gesmelt vir wapens en landbou-implemente (bv. skoffelpikke). Sagte yster is gebruik vir versierings (armbande).
- Verskillende tale: Nguni – (bv. Zoeloe, Sotho, Swazi, Ndebele) en Xhosa (bv. Sotho, Tswana, Venda) het ontwikkel.
- Pottebakkery het daartoe bygedra dat potte gemaak is vir kook- en stoordoeleindes.
- Al hoe meer nedersettings is met klip gebou. Mense het in groter groepe begin saamwoon en 'n meer gevestigde leefwyse begin volg.

Vasvra:

Eers is die ystererts teen 'n hoë temperatuur in 'n hoogoond gesmelt om die yster en onsuiwerhede in die rots van mekaar te skei. Groot hoeveelhede houtskool is gebruik om oonde op die regte temperatuur te hou. Na die smeltproses is die yster, wat nou soos 'n klonterige koek gelyk het, weer verhit. Dan is dit in die vorm van die gereedskap gesmee deur dit te hamer en te sny. Ashope word dikwels naby die hoogoonde gevind

1.4 Jou provinsie se verlede: navorsingstaak[4]

1.4.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

1.4.2 Graad 5

1.4.3 ONTDEK DIE VERHAAL VAN JOU PROVINSIE

1.4.4 Module 4

1.4.5 JOU PROVINSIE SE VERLEDE: NAVORSINGSTAAK

Hierdie is 'n selfstudietaak waar jy getoets gaan word hoe goed jy bronne kan gebruik. Die oefening oor broederstroom gaan jou baie help!

'N ARGEOLOOG SE KAART VAN BROEDERSTROOM

[4] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25775/1.1/>.



Figure 1.18

Uit: C. Malherbe (e.a.), *Nuwe leefwyse, Nuwe landskap*, p. 32.

Argeoloë het heelwat dorpies gevind wat gedurende dieselfde tyd gebou is. Broederstroom is tussen 350 - 600 n.C. bewoon. Argeoloë van 'n universiteit het dit na 'n deeglike soektog gevind. Die omgewing is bebos met genoeg water naby. Twee dae se stap daarvandaan is grasvelde. Bewyse is gevind dat ronde huise met kleivloere, waarvan die grootstes omtrent 6 m in deursnee is, opgerig is. Kleipotte van verskillende vorms en groottes is gevind. Ystererts, wat daar naby op die grond gelê het, is gebruik vir smeewerk.

1.4.5.1 AKTIWITEIT:

1.4.5.2 OM TUSSEN FEITE EN MENINGS TE ONDERSKEI

1.4.5.3 LU 1.2

(a) Kyk of jy tussen feite en menings oor Broederstroom kan onderskei.

1.	Broederstroom is in Natal geleë (wenk: sien kaart by vorige leereenheid).	
2.	Dié inwoners het veral vee aangehou.	
3.	Die eerste inwoners het hul huise in die suidelike deel van die dorp gebou.	
4.	Broederstroom het later in 'n oostelike rigting uitgebrei.	
5.	Teen 600 n.C. was die dorpie verlate en die grond bedek. Tog het die mure behoue gebly.	

Table 1.7

(b) Bestudeer meegaande sketse en verduidelik daarna vir jou maat die gebruik daarvan. Verskaf feite van belang.

Figure 1.19

Figure 1.20

Figure 1.21

(c) Beeste was vir die vroeë boere baie belangrik! As jy die korrekte woord in kolom A met B kan verbind, sal jy sien waarom:

A	B
Bees	Klere en skilde
Vleis	Houers
Vel	Ete vir besondere geleenthede
Horing	Messelklei
Mis	Teken van rykdom en status

Table 1.8

(d) Gebuik jou eie sketse om aan te toon hoe vrouens en mans se pligte by Broederstroom normaalweg kon verskil het. (Wenk: vermy menings!)

SPESIAAL!

Die vroeë boere was baie knap in die kuns van kleibakkery en vlegwerk. Ontwerp nou jou eie kookpotjie van klei of 'n gevlegde matjie. Vra iemand om vir julle dié kuns in die klas te kom demonstreer.

(e) Jou onderwyser gaan vir jou 'n kort navorsingstaak gee oor jou provinsie.

1.4.6 Assessering

LU 1

GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

Dit is duidelik wanneer die leerder:

1.1 bronne vind:

- met leiding bronne kies wat nuttige inligting oor die verlede bevat;

1.2 met bronne werk:

- inligting uit 'n verskeidenheid van bronne opteken en kategoriseer;

1.3 vrae beantwoord:

- volhou om inligting uit bronne te gebruik om vrae te beantwoord oor mense, gebeure, artefakte uit die verlede.

1.4.7 Memorandum

Aktiwiteit

a) Mening: Noordwes-Provinsie (voorheen Suidwes-Transvaal)
Feit
Mening: Noordwestelike rigting
Feit
Mening: Vloer en fondamente bly behoue

b) 1. Skoffelkop 2. Bergplek (mielies, graan) 3. Bylkop

c) Bees: Rykdom & status
Vleis: Ete
Vel: Klere & skilde
Horing: Houers
Mis: Messelklei

d) Mans: Jag, versorg vee, verdedig gesin en besittings, ploeg, maak wapens, bou hutte.

Vroue: Versamelaars, bewerkers, pottebakkers, vleg mandjies en matte, kook kos, hou hut netjies, plant en oes, dakke regmaak.

Chapter 2

Kwartaal 2

2.1 Leefwyse van die vroeere bewoners[1]

2.1.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

2.1.2 Graad 5

2.1.3 DIE VORMING VAN 'N NUWE SAMELEWING IN SA

2.1.4 Module 5

2.1.5 LEEFWYSE VAN DIE VROEËRE BEWONERS

- Het jy al ooit by 'n vreemde huis wat gesloop word, verbygeloop en gewonder wie daar gewoon en hoe hul geleef het? Selfs met behulp van die oorblyfsels kan 'n mens mos nooit die volle verhaal ken nie.

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25777/1.1/>.

Op die pad van Suid-Afrika se geskiedenis gaan jy ontdek en verstaan waarvandaan die vroegste bewoners gekom het. Ongelukkig kon hulle nie skryf nie - en al inligting wat vandag oor hulle bekend is, is dit wat afgelei is van die gebruiksartikels wat behoue gebly het. Net soos die verhaal van die gesloopte huis en ook die legkaart sal 'n mens dus nooit die volledige verhaal weet nie. Ons gaan egter poog om hulle verlede te "herbou" of rekonstrueer.

Figure 2.1

AKTIWITEIT:
OM TYD IN DIE VERLEDE TE VERSTAAN
[LU 3.3]

- Gelukkig het **argeoloë** heelwat bronne gevind deur versigtige opgrawings te maak in grotte en op ander plekke waar dié mense moontlik vroeër gewoon het. 'n Kykie in Suid-Afrika se **tydboek** lyk so:



Figure 2.2

Eerste bladsy – baie lank gelede.

a) Is die volgende twee bladsye in die regte volgorde, met ander woorde eers antiek, dan modern? Hoekom?

21



Figure 2.3

a)

b) **Di é kaart van ons land toon slegs enkele voorbeelde en bewyse van die vroegste inwoners. Verbind elke beskrywing met die regte skets op die kaart, bv. (i) 5.**



Figure 2.4

i) Hierdie **potte** dateer (bestaan sederts) uit omtrent 250 n.C. Dit is gevind in Mpumalanga en Kwazulu/Natal.

ii) **Ysterimplemente** soos hierdie dateer terug tot 700 n.C.

iii) In 1488 het die Portugese **seevaarder**, Dias, by Mosselbaai geland.

iv) Volstruiseierdoppe van sowat 15 000 jaar gelede is gevind. Die eierdoppe is meestal naby water begrawe.

v) **Uitgeholde klippe** wat tot 10 000 jaar gelede gebruik is, is op verskeie plekke gevind.

vi) Van die wêreld se grootste versameling **rotskunswerke** soos dié eland is in die Drakensberge gevind.

vii) **Klipwerktuie** van tot 300 000 jaar oud word dwarsoor Suider-Afrika gevind.

Nou wil julle almal natuurlik weet hoe hierdie vroe ë re bewoners geleef het. Hier volg twee verhale daaroor. Net een van die twee is die waarheid. Kyk of jy die regte een kan kies nadat jy oor die vrae op die volgende bladsy gesels het.

SEPPIE SE VERHAAL

Ons noem hierdie periode die tydperk van die geraamtes . . .

In daardie tyd het bendes geraamtes oor die verlate vlaktes van Suider-Afrika gedwaal, kliphard sokkerliedjies gesing en oral slagspreuke van geraamtes op die rotse gespuitverf. Sommige het ook die tiere geterg en aan almal getorring. In die begin het hulle in grotte gewoon, maar later drieslaapkamerhuise met volvloermatte gebou – beter bekend as "bonegalous". Hulle dieet het uit taai bene en minstens tien koppies sterk koffie per dag bestaan. Gelukkig het hulle uitgesterf omdat die osoonlaag so beskadig geraak het...

THARIEN SE VERHAAL

Ons land soos julle dit vandag ken, het baie lank gelede (sowat 1 tot 2 miljoen jaar gelede!) geen vasgestelde grense gehad nie. Dit was bloot deel van die vasteland van Afrika. Suid-Afrika was ook nog nie soos vandag 'n blokkiesraaisel van lande, weiveld en woongebiede nie. Grond was toe nog te kies en te keur. Vroeëre bewoners het ons land oor 'n tydperk van miljoene jare verander en ontwikkel. Latere besoekers uit Europa en Asië het verdere veranderinge veroorsaak. Intussen is Suid-Afrika steeds besig om te ontwikkel!



Figure 2.5

---

a) **Om die vorige vraag oor di é twee verhale reg te kan beantwoord, moet jy jouself eers in die vroe ë bewoners se "skoene" indink sodat jy hul kan verstaan!**

Watter verhaal vertel die **waarheid**, met ander woorde, watter feite kan **bewys** word?

As 'n mens iets kan bewys, is dit 'n f . . . . . t, maar as dit nie bewys kan word nie, is dit slegs 'n m . . . . . .g.

Waarom is die mense op die skets van Tharien se verhaal jagters en versamelaars genoem?

Was dit vir hulle moeilik om kos in die hande te kry? Hoekom?

Hoe het hulle dié kos voorberei?

Het hulle dit met mekaar gedeel? Waarom?

Het hulle as 'n gesin saamgewoon?

Beskryf hulle kleredrag.

Watter wapens en gereedskap het hulle gebruik?

Waarvan is dit gemaak?

Waar het hulle gewoonlik snags geslaap?

Kan jy dink waarom hulle naby 'n rivier gebly het?

Het die mans en vrouens dieselfde tipe werk gedoen? Gee 'n bewys!

Wat sal jy graag nog wil weet?

Wat sal ons nooit weet nie?

[LU 3.3]

Nou is jy gereed om die vroegste bewoners van ons land te ontmoet!

Figure 2.6

Die Khoina. Hulle was veeboere en het skape en beeste aangehou om hulle kosvoorraad aan te vul.

Figure 2.7

Swart mense. Hulle het ook gewasse begin aanplant en só begin met akkerbou.

2.1.6

Figure 2.8

Die San. Die eerste mense was jagters en versamelaars van veldkosse, soos eetbare wilde vrugte, bessies, wotels, ens.

2.1.7 Assessering

LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – DIE LEERDER IS IN STAAT OM ASPEKTE VAN GESKIEDENIS TE INTERPRETEER

3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede.
Verstaan dat verskillende sienings oor dieselfde saak reg of verkeerd kan wees
3.2 Onderskei tussen feite en menings.
Kan inligting vanaf kaarte, diagramme en grafieke bekom.

- Rekonstrueer verlede. Kan 'n eenvoudige rekonstruksie van gebeurtenisse maak en verstaan hoe die mense daaroor voel.

2.1.8 Memorandum

Aktiwiteit
(a) 2 (antiek), 1 (modern)
(b)
(i) 6
(ii) 7
(iii) 4
(iv) 2
(v) 1
(vi) 5

(i) 3

(c) Tharien se verhaal is die waarheid.

2.2 Die San en die Khoina[2]

2.2.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

2.2.2 Graad 5

2.2.3 DIE VORMING VAN 'N NUWE SAMELEWING IN SA

2.2.4 Module 6

2.2.5 DIE SAN EN KHOINA

DIE SAN

Een van die eerste groepe mense wat Suid-Afrika hul tuiste genoem het, was die San. Soos jy reeds weet, bly die jagter-versamelaarsgroepe al meer as 20 miljoen jaar lank in Suider-Afrika. Reeds 10 000 jaar gelede het die eerste groep hul hier kom vestig. Hulle het in klein gesinsgroepe rondgetrek op soek na kos en water om te oorleef. Die mans moes meestal jag en die vrouens veldkosse (saad, vrugte, bolle, bessies en wortels) versamel. Party het ook visgevang in plaas van om te jag.

Die San is net 'n ander naam vir die Boesman. Europeërs het hulle die bynaam van Boesman (bosmense) gegee.

Soos in vorige modules, gaan jy volop geleenthede kry om die verlede van die San en Khoina te rekonstrueer.

AKTIWITEIT 1:
OM DIE VERLEDE VAN DIE SAN EN KHOINA TE REKONSTRUEER
[LU 3.3]

a) Stap saam op die spore van die San. Die volgende sketse oor 'n dag in hul lewe gaan jou baie help om hulle beter te verstaan. Verbind net elke skets met sy beskrywing [byvoorbeeld 1 (i)].

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25780/1.1/>.

Figure 2.9

i. Die vrouens gaan grawe soggens veldkosse uit met hierdie stukke harde hout (graafstok). Soms word ‘n bok se horing aan die voorpunt vasgesit om harde grond mee te breek.
ii. Hulle maak die veldkosse in velsakke bymekaar. In seisoentyd, byvoorbeeld as die neute ryp is, kon dié ekspedisies tot ses dae lank duur. Heuning en insekte word ook versamel.
iii. Klipinstrumente word gebruik om die vleis mee te bewerk.
iv. Wanneer genoeg kos en water vir die dag ingesamel is, dans die mans saans in ‘n sirkel, terwyl die vrouens sing en hulle met musiekinstrumente begelei. Dié tyd word soms ook gebruik om voorwerpe te maak, te rook, stories te vertel en speletjies te speel.
v. Die mans gaan jag met ‘n pyl en boog.
vi. Gesels in julle groepe oor wat julle alles uit die sketse op die vorige bladsy kan aflei. Voltooi dan die onderstaande sinne.

Voorkoms

Klein geelbruin mensies van omtrent (1) lank.
Die meeste (2) word in die agterste deel van die liggaam geberg.
Hulle dra min klere, net ‘n (3).

Gewoontes

Hulle aanbid ,(4) sterre, son en die hottentotsgot.
As iemand sterf, word hy in (5) posisie begrawe met sy besittings.

Gereedskap

Gereedskap is van verskillende stowwe gemaak.

b _ _ n, s _ _ l _ _ d _ p, bl _ _ r,
h _ _ t, k _ _ p (6)
Hoe het hulle klippe só hol gekry?
Wonings
Hulle het geen vaste wonings nie. Rede?
Die San-kinders het in 'n heel ander skool as julle geleer – bedags in die veld en saans rondom die vuur. Hulle het die diere se gewoontes só goed geken dat hulle dit selfs kon naboots.

a) Verskaf nou die regte antwoorde op die vrae oor hul jagkuns. Gebruik die woorde in die raampie.



Figure 2.10

Die mans was jagters. Hul vernaamste wapen was die (1) en (2) wat baie styf gespan is.
Pylpunte is gemaak van (3) en (4) en die steel van (5).
Gif van (6) en (7) is net agter die punt van die pyl gesmeer.
Die San het hulle pyle in (8) gedra.
Kleinwild en voëls is in (9) gevang en grootwild in
(10).

Figure 2.11

2.2.5.1 DIE KHOINA

"Baie welkom by die Khoina. Dit was die Europeërs wat ons naam verander het na Hottentotte, omdat ons dikwels 'n woord gebruik wat net so klink! Blykbaar beteken Khoina "man van manne"! Ons beter dieet het veroorsaak dat ons 'n groter liggaamsbou het as die San.

Ons het ongeveer 2 000 jaar gelede uit die noorde hier aangekom. Voordat ons suidwaarts getrek het, het ons gewoon waar Botswana vandag is. Ons het by swart mense wat deur ons gebied getrek het, meer geleer oor ruilhandel en hoe om met vee te boer ter wille van oorlewing. Die groot verskil tussen ons en die San is geleë in die feit dat ons veeboere en hulle jagter-versamelaars is. Ons voorkoms, taal en gebruike stem egter baie ooreen met dié van die San. Anders as die San, wat in klein jaggroepe rondtrek, trek die Khoina in groot groepe.

Nadat die Nederlanders onder leiding van Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap geland het, het ons al hoe meer weivelde verloor. In 1713 het baie Khoina weens 'n pokke-epidemie gesterf en het ons ook baie vee weens siektes verloor. Om te oorleef, moes baie op plase en in dorpe gaan werk en het hulle geleidelik met ander groepe ondertrou. Vandag is daar baie min Khoina oor. Die meeste bly in klein groepies in die Richtersveld, asook in Namibië (Namas)."

Figure 2.12

a) Na jul gesprek met X!Hau behoort julle die volgende opsomming oor die Khoina maklik te kan voltooi!

Figure 2.13

Gewoontes
Hulle het (1) aanbid vir reën.
Hulle was baie lief vir (2) en musiekinstrumente.
Voorkoms
Hulle was sterker gebou as (3).
Hulle klere was van skaapvelle of velle van (4) diere gemaak.
Hulle was lief vir versierings wat van (5)
X!Hau gemaak is.
Wonings
Hulle hutte was rondom die (6) se hut gebou.
In die middel was 'n oop ruimte vir (7) snags.
Rietmatte is oor 'n raamwerk van gebuigde (8) gegooi.
Voedsel
Al hoe meer het oorgeslaan na (9) boerdery.
Hulle het nie hulle (10) geslag nie, maar wel skape.
(11) (tipe melk) was van hulle lekkernye.

Figure 2.14

Kies nou die regte antwoorde oor hulle boerdery uit die raampie.



Figure 2.15

Die Khoina het (1) of kuddes (2) aangehou. Hulle het besef mens kan diere (3) en in kampe aanhou.
Die Khoina het (4) en (5) gehad. Dié diere het (6) en (7) aan hulle verskaf.
(8) is deur hulle gebruik om vragte aan te (9). Beeste was vir die Khoina 'n teken van (10).

- Gebruik nou die volgende eenvoudige vragies om meer inligting oor die Khoina se woonplek te bekom.

Wat gebeur in die skets?
Wanneer en waar het dit gebeur?
Waarom het dit gebeur?
Herken jy die mense op die skets? Kan jy hulle name uitvind?
Hoe weet ons dat dit alles wel gebeur het?

Figure 2.16

a) Beantwoord in pare die volgende vragies oor die Khoina se lewenswyse.

Hoekom het die Khoina meer besittings gehad as die San?
Hoe is hulle hutte gebou? Waarvan is die vloere gemaak? Waarvan is die vloere in julle huis gemaak?
Hoekom is die hutte rondom die hoofman se hut gebou?
Waarop het hulle snags geslaap? Waarop slaap jy?
Waarvandaan het hulle water gekom? Hoe word julle huis en skool van water voorsien?

Figure 2.17

[LU 3.3]

LU 3.3	

Table 2.1

2.2.6 Assessering

LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – DIE LEERDER IS IN STAAT OM ASPEKTE VAN GESKIEDENIS TE INTERPRETEER

3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede.

Verstaan dat verskillende sienings oor dieselfde saak reg of verkeerd kan wees

3.2 Onderskei tussen feite en menings.

Kan inligting vanaf kaarte, diagramme en grafieke bekom.

3.3 Rekonstrueer verlede. Kan 'n eenvoudige rekonstruksie van gebeurtenisse maak en verstaan hoe die mense daaroor voel.

Memorandum

Aktiwiteit

(a)

(i) 5

(ii) 5

(iii) 4

(iv) 1

(i) 2, 3

(b) Voorkoms: (1) ± 153 cm (2) vet (3) lendekleed (mans),
leervoorskoot (vroue)
Gewoontes: (4) maan (5) sittend
Gereedskap: (6) been, skilpaddop, blaar, hout, klip
(c)

- (1) pyl
- (2) boog
- (3) klip
- (4) been
- (5) hout of riet

- (6) mopaniewurms (kerwer larwes)
- (7) slange
- (8) koker
- (9) strikke
- (10) vanggate

(d) Gewoontes: (1) maan
(2) dans / sang
Voorkoms: (3) San
(4) wilde diere
(5) sade, bessies, volstruiseierdoppe, klei
Wonings: (6) hoofman
(7) die vee (om te slaap)
(8) doringtakke en pale / latte
Voedsel: (9) vee
(10) beeste
(11) dikmelk (uit kalbasse)
(e)

- (1) troppe
- (2) vee
- (3) vang
- (4) skape
- (5) beeste
- (6) vleis
- (7) dikmelk
- (8) osse
- (9) ry
- (10) rykdom

2.3 Die swart mense[3]

2.3.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

2.3.2 Graad 5

2.3.3 DIE VORMING VAN 'N NUWE SAMELEWING IN SA

2.3.4 Module 7

2.3.5 DIE SWART MENSE



Figure 2.18

Hulle is ook afkomstig vanuit die noorde van Afrika. Hulle het in Suidelike Afrika aangekom min of meer gedurende dieselfde tyd as wat die Khoina hier met vee begin boer het. Die swart mense het verder ontwikkel as die Khoina en die San. Die grond rondom hulle huise en krale is bewerk – vandaar die naam landbouers. Die vrouens het die landerye geskoffel en geplant, terwyl die mans gehelp het om te oes. Veral mielies en sorghum is verbou. Mieliemeel is gemaal vir pap.

Hoekom is hulle die Ystertydperkmense genoem?

Die San en Khoina was Steentydperkmense, veral weens hul klipgereedskap. Die swart mense kon egter doeltreffende ystergereedskap maak. Ystererts is gesmelt en vir jagwapens en gereedskap soos skoffels gebruik. Die swart mense was sterker as die San en Khoina en kon dus veg vir die beste dele van die land. Swart boere het veral die oostelike dele van die land verkies, weens die goeie reënval en die vrugbare grond. Hulle het met skape en bokke geboer, maar veral die grond bewerk. Beesboerdery het later die belangrikste veeboerdery geword, want dit het meer produkte verskaf en was 'n teken van rykdom en status.

Die swart mense het al hoe minder rondgetrek en op vaste plekke begin bly. Beboste dele is dikwels skoongemaak vir akkerbou. Hulle het al meer permanente wonings gebou, want daar was genoeg voedsel vir almal. Al hoe meer "dorpies" (statte) het ontwikkel. Die eerste "dorpies" in Suid-Afrika is reeds teen 300 n.C. gebou.

AKTIWITEIT:
OM DIE VERLEDE VAN DIE SWART MENSE TE REKONSTRUEER
[LU 3.3]

a) Jy kry nou ook geleentheid om swart mense se verlede te verstaan. Voltooi die volgende opsomming oor die swart mense en kyk dan hoe lyk 'n tipiese kraal.

Voedsel

Hulle het veral melk, vleis, sorghum en
m _ _ _ _ _ _ _ _ (1) geëet.

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25781/1.1/>.

Gewoontes
Hulle was baie lief vir m _____ (2).
Met feesvieringe is 'n _____ (3) geslag.
_____ (4) het met die voorvadergeeste gepraat.
Kleredrag
Hulle het gebreide _____ (5) van wilde diere gedra.
Volstruisvere is op die _____ (6) geplaas.
Wonings
Sommige het _____ (7) gras en riete vir hulle hutte versamel.
Die _____ (8) van die hut was van dekgras gemaak.
Die mure is met _____ (9) gesmeer.
(10) bou hutte.
Hulle het soms pragtige p_____ (11) daarop getrek.

Figure 2.19

Venda



Figure 2.20

Xhosa

Figure 2.21

Zoeloe



Figure 2.22

Sotho

a) Luister eers aandagtig na die onderhoud met Xayimpi. Behou ‘n paar van die woorde. Vra julle onderwyser om dit vir julle te lees sodat jy die ontbrekende antwoorde kan verskaf. Julle onderwyser mag help!

Vraag 1: Hoe word só ‘n stam regeer?

Waar ‘n groot groep _____ (1) saamgebly het, moes hul maniere _____ (2) om in vrede saam _____ (3) te leef. Die hoofmanne van _____ (4) groepie het saam ‘n _____ (5) gekies om oor almal _____ (6) regeer. Hy het dus _____ (7) mag gehad, en kon _____ (8) andere besluit waar om _____ (9) te bou, wat om _____ (10) te plant en wie _____ (11) of gestraf moet word.

_____ (12) is geneem ná samesprekings _____ (13) die ouer manne. Die _____ (14) se hulp is ook _____ (15)

vir moeilike besluite.

Vraag 2: Watter rol speel die voorvaders?

Daar is geglo dat die voorgeslagte van ‘n stam as beskermers optree. As sake skeefgeloop het, is dit toegeskryf daaraan dat die voorvadergeeste vir hulle kwaad was. Sekere plegtighede is dan gehou om die geeste tevrede te stel. Voorvaders is dus hoog geag en daar is geglo dat die dooies steeds deel is van die familie.

Vraag 3: Wie het almal aan die stam behoort?

Almal! Daar was nie probleme _____ (16) die versorging van weeskinders _____ (17) oumense nie. As 'n m_____(18) gesterf het, het sy b_____ (19) dikwels met sy vrou _____ (20) om só die aantal _____ (21) te verminder. Enige _____ wat (22) stelsel en reëls vir _____ (23) oortree het, is verban _____ (24) doodgemaak.

Bestudeer die sketse van 'n swart stat van ongeveer 500 jaar gelede op die vorige bladsy. Verdeel nou in groepe sodat elke groep 'n ander skets kan gebruik.

Help nou die groepleier om vyf vrae oor jul groep se skets netjies op 'n vel papier neer te skryf. Laat genoeg ruimte sodat die ander groep antwoorde kan invul. Skryf ook die nommer van julle skets bo-aan.

Maak seker dit is nie vrae waarop hulle net ja of nee kan antwoord nie!

Na voltooiing ruil julle vrae uit met 'n ander groep. Beantwoord nou hulle vrae terwyl die groepleier die antwoorde invul.

Elke groepleier moet nou namens sy groep aan die klas mondelings terugvoering gee oor hulle vrae en antwoorde.

Julle onderwyser kan selfs al ses groepe se take laat tik (of netjies neerskryf) en dit weer vir julle uitdeel.

Figure 2.23

[LU 3.3]
Die vroeëre bewoners van Afrika wat jy sover ontmoet het, het almal bygedra tot die ontwikkeling van

ons land. Vervolgens gaan ons die mense uit Europa en Asië ontmoet.

2.3.6 Assessering

LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – DIE LEERDER IS IN STAAT OM ASPEKTE VAN GESKIEDENIS TE INTERPRETEER

3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede.

Verstaan dat verskillende sienings oor dieselfde saak reg of verkeerd kan wees

3.2 Onderskei tussen feite en menings.

Kan inligting vanaf kaarte, diagramme en grafieke bekom.

3.3 Rekonstrueer verlede. Kan 'n eenvoudige rekonstruksie van gebeurtenisse maak en verstaan hoe die mense daaroor voel.

Memorandum

Aktiwiteit

(a) Voedsel: (1) mielies

Gewoontes: (2) musiek

(3) bees

(4) waarsêers, priesters

Kleredrag: (5) velle

(6) hooftooisels

Wonings: (7) pale, klei, klippe, sooie

(8) dak

(9) kleistene (mengsel van klei, beesmis)

(10) veral vroue

(11) patrone

(b) Vraag 1:

Die onderwyser vul die ontbrekende woorde in op sy / haar kopie en lees dit dan aan die leerders voor. Die leerders luister eers aandagtig en voer dan die opdrag uit.

- (1) mense
- (2) vind
- (3) te
- (4) die
- (5) leier
- (6) te
- (7) baie
- (8) onder
- (9) hutte
- (10) wanneer
- (11) beloon
- (12) besluite
- (13) met
- (14) waarsêer
- (15) ingeroep

Vraag 3

- (16) met
- (17) en
- (18) man
- (19) broer
- (20) getrou

- (21) weeskinders
- (22) persoon
- (23) die stam / groep
- (24) of

2.4 Die mense van Europa en Asie[4]

2.4.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

2.4.2 Graad 5

2.4.3 DIE VORMING VAN 'N NUWE SAMELEWING IN SA

2.4.4 Module 8

2.4.5 DIE MENSE VAN EUROPA EN ASIË

Al hoe meer seevaarders het die suide van Afrika aangedoen, veral vir vars water en om die "land" aan die wêreld bekend te stel.

Die seevaarders van **Engeland** meer as 300 jaar gelede.

Die seevaarders van **Nederland** meer as 300 jaar gelede.

Die seevaarders van **Portugal** meer as 500 jaar gelede.

Mense het hulle oorspronklike vastelande verlaat om permanent hier te kom bly. Mense wat hulle in 'n ander land gaan vestig, word **immigrante** genoem.

Die eerste blankes wat hulle hier kom vestig het, was 'n groep Nederlanders wat in 1652 onder leiding van Jan van Riebeeck na Tafelbaai gekom het. Hulle opdrag was om 'n fort te bou en tuine aan te lê. Die Nederlandse skepe kon dan op die handelsroete van Europa na die Ooste by die Kaap aandoen vir vars water, vrugte en groente vir die matrose.

Die opdragte wat Jan van Riebeeck ontvang het, het baie harde werk geverg. Terwyl die Khoina nog grond en vee gehad het, wou hulle nie vir die Nederlanders werk nie. Nadat die eerste groot groep slawe in 1658 hier aangekom het, het die VOC gereeld slawe aan die Kaap gekry. Toe die Britte die Kaap in 1795 oorgeneem het, was daar meer slawe as vryburgers. In 1834 is nuwe wetgewing ingestel wat bepaal het dat alle slawe vrygestel moes word. Aan die Kaap het die afstammelinge van die slawe vermeng met ander groepe. Baie kinders het byvoorbeeld 'n wit vader en 'n slawemoeder gehad. 'n Nuwe bevolkingsgroep het ontstaan. Hulle was nóg Maleierslawe of Negerslawe, nóg wit mense van Europa, nóg Khoina.

Die Kaapse bruinmense is afstammelinge van die Khoina, vrygestelde slawe, vryswartes, blankes en Moslems. Dié bruin mense het aan die begin as plaasarbeiders, vissers en op dorpe as ambagsmanne 'n bestaan gemaak. Hulle het in 1853 stemreg in die Kaap gekry.

AKTIWITEIT 1

OM KRONOLOGIE EN TYD OOR MENSE UIT EUROPA TE VERSTAAN

[LU 3.3]

Vroeë mense uit Europa

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25782/1.1/>.

a)

Figure 2.24

Verbeel jou jy is 'n lid van 'n Khoina-stam. Probeer jouself indink hoe die ontmoeting met die Europeërs moontlik afgeloop het. Meegaande bronne behoort jou hiermee te help!

BRON 1

BRON 2

Eendag seil vreemde skepe julle baai binne. Dit lyk nie of die mense, soos vorige groepe, net vars water gaan inneem en dan vertrek nie. Die meeste van hulle het lang hare wat tot op hulle skouers hang. Sommige se hare steek onder die groot hoede uit. Baie van hulle het ook hare wat in hul gesigte groei. Eers toe hulle in vreemde stemme met mekaar begin praat, kon jy agterkom dis meestal mans.

Al skyn die son, dra almal klere en leerskoene wat omtrent hulle hele liggaam bedek. Hulle lyk heelwat anders as die Khoina. Die meeste van die vreemde mense is heelwat langer, met rooigebrande gesigte.

a) Verbeel jou jy is Jan van Riebeeck. Jou geselskap Nederlanders het so pas in Tafelbaai geland . . .

Ook die Nederlanders was na hulle eerste kennismaking met die Khoina verstom oor hulle kleredrag, eetgewoontes, voorkoms en spraak.

Verdeel nou in julle groepe. Die groepleier hanteer die skryfwerk. Ons gaan Van Riebeeck se probleme in vier stappe oplos:

Stap 1: Watter **probleme** dink julle gaan Jan van Riebeeck-hulle in dié nuwe land ondervind?

Stap 2: Bespreek al dié probleme en kies daarna die **belangrikste probleem**. Almal in julle groep móét saamstem. Skryf dit neer: Hoe sal ons . . .?

Stap 3: Aan hoeveel **moontlike oplossings** vir dié probleem kan julle dink?

Stap 4: Besluit saam wat die **beste oplossing** is.

Julle het vyf minute om te oefen voordat elke groep sy probleem en oplossing gaan opvoer. Die groepleier moet eers net kortliks sê wat die probleem is.

AKTIWITEIT 2:

OM TYD IN DIE VERLEDE TE VERSTAAN

[LU 3.3]

Hier volg nog voorbeelde van mense wat Suid-Afrika hul tuiste gemaak het. Kyk eers hoeveel jy kan opspoor en stel dan jou eie tydlyn daarvan saam.

Vandat die seevaarder, Diego Cao, in 1485 hier aangedoen het, bly die P_____e (1) hier.

Die eerste s_____ _____e (2) het in 1658 uit Angola hier aangekom.

In 1652 het die N_____s (3) saam met Jan van Riebeeck hierheen gekom.

Die F_____e (4) Hugenote het in 1688 ter wille van hulle godsdiens na Suid-Afrika gekom.

In 1820 is die B_____e (5) Setlaars aan die Kaapse Oosgrens gevestig.

Sowat 400 D_____e (6) soldate het ná die Nederlandse bewind hulle in Suid-Afrika kom vestig.

In 1860 het 11 G_____e (7) matrose van 'n skip in Port-Elizabeth se hawe gedros en toe hier agtergebly.

Heelwat I_____e (8) soldate, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog aangehou is, het ook hier agtergebly.

Verskaf ook jou eie twee voorbeelde.

VROEë MENSE UIT DIE VERRE OOSTE

Die eerste groep mense uit Asië was die Kaapse Maleiers. Hulle was meestal afstammelinge uit Oos-Indië. Hulle het tydens die Nederlandse bewind na die Kaap gekom. Die meeste van hulle was Moslems. Hulle was bedrewe brood- en koekbakkers, bouers, timmermanne, kokke, wasvrouens en vissermanne. Party van hulle het ook groente gekweek en dit dan op straat of by die mark verkoop.

Die grootste groep Indiërs in Suid-Afrika het hulle in die destydse Natal (vandag Kwazulu/Natal) gevestig.

HIER IS DIE INDIëRS SE VERHAAL . . .

"Die eerste blanke boere in Natal het met katoen geboer. Die Milner-broers het in 1847 saadriete van Mauritius af gebring en daar is begin om suikerriet in Natal te kweek. Die eerste suikerplantasies is aangelê. Al hoe meer klein meulens wat deur beeste aangedryf is, is aangelê. Groot plantasies en masjinerie het gevolg. Dit het gou duidelik geword dat goedkoop, maar betroubare arbeiders nodig was om van die suikerboerdery in Natal 'n sukses te maak.

Die Zoeloe-mans het nie werklik belanggestel om arbeiders te word nie. Hulle het genoeg van hulle eie besit om 'n bestaan te maak. Die mans het in elke geval geglo dat landbou 'n vrou se werk was. In 1860 is Indiër-arbeiders op kontrak na Suid-Afrika gebring. Teen 1910 het meer as 150 000 al met dié skema hierheen gekom. Hulle is onder andere gratis vervoer, het nege ure per dag gewerk, 'n loon van 10 sjielings per maand ontvang en kon vry wees na vyf jaar. Sommige Indiërs het ook as gewone immigrante hierheen gekom, veral om winkels en besighede te open.

Daar was baie armoede en ellende in Indië en daarom het min Indiërs na vyf jaar teruggegaan. Die meeste het in Suid-Afrika agtergebly en werk bekom. Heelwat Indiërs het hulle eie besighede begin – handelaars, fabriekeienaars, vissermanne en groenteboere. Hulle het groot sukses behaal."

AKTIWITEIT 3:

OM DIE VERLEDE VAN DIE MENSE UIT ASIË TE REKONSTRUEER

[LU 3.3]

Ontwerp nou jou eie blokkiesraaisel met vrae (3 af, 3 dwars) waarin jy die belangrikste inligting oor die Indiërs saamvat. Ruil dit onder mekaar uit sodat jy jou maat s'n kan invul!

2.4.6

2.4.7 Assessering

LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – DIE LEERDER IS IN STAAT OM ASPEKTE VAN GESKIEDENIS TE INTERPRETEER

3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede.

Verstaan dat verskillende sienings oor dieselfde saak reg of verkeerd kan wees

3.2 Onderskei tussen feite en menings.

Kan inligting vanaf kaarte, diagramme en grafieke bekom.

- Rekonstrueer verlede. Kan 'n eenvoudige rekonstruksie van gebeurtenisse maak en verstaan hoe die mense daaroor voel.

Memorandum

AKTIWITEIT 2

- (1) Portugese
- (2) Slawe
- (3) Nederlanders
- (4) Franse
- (5) Britse
- (6) Duitse
- (7) Griekse
- (8) Italiaanse

Chapter 3

Kwartaal 3

3.1 Inheemse wonings[1]

3.1.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

Graad 5

3.1.2 'N VROEË AFRIKA-GEMEENSKAP: MENSE VAN S.A.

Module 9

3.1.3 INHEEMSE WONINGS

Die vroegste mense van Suid-Afrika was ook van die vroegste mense van Afrika. In die volgende modules gaan ons hul wonings, voedsel en musiek bestudeer.

Suid-Afrika se ryke verskeidenheid mense bly in verskillende soorte wonings. Hulle blyplekke het ook aansienlik verander van die eenvoudige grothuise van die steentydperk tot vandag. Tegnologiese vooruitgang het ongelooflike veranderinge meegebring.

Eers gaan ons inheemse huise bestudeer, en in 'n volgende module Kaapse huise, pioniershuise, huise met 'n Britse boustyl en sekere hedendaagse huise!

AKTIWITEIT

OM BRONNE OOR INHEEMSE HUISE TE GEBRUIK EN DAN VERSLAG DAAROOR TE DOEN

[LU 1.2; 1.3]

a) **Hier is 'n heerlike algemene kennis-oefening waarin jy slegs die ontbrekende antwoorde oor die eerste wonings van die San en Khoina moet verskaf.**

Die San was nomadiese (a)_____. Hulle het in grotte of boomtakskuilings gebly (b)_____hulle te beskerm teen (c)_____, son en reën en (d) ___ snags in te slaap. (e)_____ Khoina het met hulle (f)_____ getrek en het daarom (g) ____ matjieshutte gebly. Die matte (h)____ lig en kon oprol (i)_____ hulle weer getrek het. (j) _____ jong boomtakke is vir (k) _____ rame gebruik met die (l) _____ of grasmatte bo-oor. As (m)_____ gereën het, het die (n)_____ geswel sodat dit nie (o)_____ inreën nie. Baie van (p)_____ tipe huise is nog (q) _____ Namakwaland te sien.

b) **Ondersoek meegaande bronne in groepsverband en beantwoord dan die volgende vrae.**

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29351/1.1/>.



Figure 3.1

Hoe het die mans en vroue se take verskil?
Watter ooreenkomste en verskille merk jy op?
Wie is hulle?
Waar het hulle geleef?
Wanneer het hulle geleef?
Hoe het hulle geleef?
Die San was baie lief vir kampvuurstories. Stel nou julle eie stories saam oor waarom daar kolle op die maan is.

c) **Ondersoek meegaande skets oor die KHOINA se hutte, en doen dan in jul groepe verslag daaroor:**

Figure 3.2

Hoe is die Khoina-hutte gebou? Waarvan is die vloere gemaak? Waarvan is die vloere in julle huise gemaak?
Waarom is die hutte rondom die hoofman se hut gebou?
Waarop het hulle snags geslaap? Waarop slaap jy snags?

Waarvandaan het hulle water gekom? Hoe word julle skole en huise van water voorsien?

Hoekom het die Khoina meer besittings gehad as die San?

Gestel 'n Khoina-man sou blind wees. Op watter maniere sou sy leefwyse moes aanpas op die kort- en langtermyn?

d) **Die Ngunivolkere het veral ronde klei- of kliphutte gebou – meestal met rietdakke. Die tradisionele Zoeloe- en Tswanahutte het uit koepelvormige raamwerke van jong boompies bestaan met keëlvorminge grasdakke.**

Figure 3.3

Zoeloe-stat

Figure 3.4

Tswana-stat

Probeer voorbeelde van ander inheemse blyplekke bekom. Plak, of teken dit in jou werkboek.

[LU 1.2; 1.3]

e) **Verbeel jou jy is 'n spioen wat namens jou hoofman moet besluit waar om julle nuwe kraal aan te lê.**

Teken jou ideale ligging van die nuwe kraal op die kaart. Skryf dan 'n kort spioenasie-verslag (ongeveer vyf sinne) om hom te oortuig waar hy dit moet aanlê. Verskaf redes ten opsigte van die veld, water en grond om jou keuse te regverdig!



Figure 3.5

3.1.4 Assessering

LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek

1.1 Bekom die bronne. Begin om ekstra vrae oor gebeure, artefakte, plekke, mense te vra wat in moeilikheidsgraad wissel

1.2 Gebruik die bronne. Kan bladsyverwysings gebruik

Weet watter bronne (boeke) oor spesifieke onderwerpe inligting verskaf vir 'n taak/uitstalling

- Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing).

Kan inligting op 'n diagram, kaart, skets verduidelik
Kan mondeling of skriftelik 'n gebeurtenis uit die verlede verduidelik

3.1.5 Memorandum

Aktiwiteit
(a)
a) jagters b) om c) wind
d) om e) Die f) vee
g) in h) was i) wanneer
j) Buigsame k) die l) riet
m) dit n) raam o) kon
p) hierdie q) in
b) Die KHOINA was eers 'n herdersras aan die kus van Oos-Afrika. Later het hulle suidwaarts getrek vir water en weiding. Sedert die 10de eeu woon hulle suid van die Oranjerivier. Die mans het gejag vir vleis, terwyl die kinders veetroppe opgepas het. Die vroue was verantwoordelik vir die versameling van veldkos en die maak van erdepotte vir die stoor van water en melk.

Die SAN was van die eerste bewoners van Suider-Afrika. Die mans was verantwoordelik vir jag en die maak van pyle. Vrouens het plantkosse versamel, was verantwoordelik vir die huishouding, het kos voorberei, die kinders versorg en het ook skuilings gebou.

c) Die Khoina-kraal is in die vorm van 'n sirkel (byekorf) gebou, met 'n heining van doringtakke en pale rondom vir veiligheid. Die ingange van die hutte het almal na die binnekant van die kraal gewys. Vee het snags in die middel van die kraal geslaap. Die vloere van die hutte was met beesmis en bloed gesmeer en hulle het op biesiematte op die vloer geslaap.

3.2 Vroee Kaapse huise en pioniershutte[2]

3.2.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

3.2.2 Graad 5

3.2.3 'N VROEË AFRIKA-GEMEENSKAP: MENSE VAN S.A.

3.2.4 Module 10

3.2.5 VROEË KAAPSE HUISE EN PIONIERSHUISE

AKTIWITEIT 1
OM INLIGTING OOR VROEË KAAPSE HUISE TE BEKOM EN VERSLAG DAAROOR TE DOEN [LU 2.2; 2.3]

In 1652 het Jan van Riebeeck die fort De Goede Hoop aan die Kaap van klei en klip laat bou. Aan die begin het die Nederlanders meestal in die fort gebly, maar gou het hulle hul eie huise gebou.

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m29516/1.1/>.



Figure 3.6

Die Fort

Die eerste huise het min vertrekke gehad met klei- of ru klipmure. Die mure is met klei, wat van seeskulpe gemaak is, gemessel en rietdakke is opgesit. Die soldergewel (met die venstertjie) het verhoed dat reën van die dak af op die stoep drup. Omdat die grasdakhuise dikwels afgebrand het weens die vonke uit die skoorstene, is belasting van twee sjielings vir elke skoorsteen in 'n huis betaal! Later is 'n spesiale vloer vir die solder gebou om brande te help voorkom. Sommige historici meen ook dat, in die geval van 'n brand, die gewels sou verhoed dat brandende dek-riete op die ingang val.

a) Daar is ook sterre, harte, vrugte, diere en blomme op die voorkante van die Kaaps-Hollandse huise se gewels aangebring namate tegnologiese ontwikkelings plaasgevind het. Verduidelik die redes daarvan aan jou maat.



Figure 3.7



Figure 3.8



Figure 3.9



Figure 3.10



Figure 3.11

Weens die brandgevaar van grasdakhuise, het al hoe meer mense teen die einde van die agtiende eeu platdakhuise in Kaapstad begin bou. Die huise het dikwels twee of meer verdiepings gehad.

Figure 3.12

Grasdakhuis



Figure 3.13

Platdakhuis

AKTIWITEIT 2

OM TUSSEN VERSKILLENDE TYDPERKE TE ONDERSKEI DEUR PIONIERSHUISE TE BESTUDEER

[LU 2.3]

HartebeeshuisDie veeboere het gewoonlik in eenvoudige rietdakhuisies gewoon. Vir die raamwerk het hulle jong takke in gelyke rye geplant en die punte na mekaar toe gebuig. Klei en stywe riete ("harde biesies") is gebruik vir die mure – vandaar die naam hartebeeshuis.

Figure 3.14

Die Voortrekkers het in die agtiende eeu, na afloop van die Groot Trek, alles wat hulle in die hande kon kry, gebruik om huise mee te bou. Aan die begin het hulle meestal klei en klip gebruik om die een- of tweevertrekhuise mee te bou.

Figure 3.15

Daar was ook kapstylhuise, wat as't ware 'n staandak van riete op die grond was. Naby Riversdal (Suid-Kaap) is daar omtrent 70 sulke huise wat oor die see uitkyk. Dit is tans 'n buitelugmuseum en nasionale monument. (Wat is korbeelhuise en waar kan 'n mens vandag nog daarvan sien?)

a) Hou 'n heerlike klasgesprek oor onderstaande sketse, wat uit verskillende typerke dateer.

Watter ooreenkomste (seuns) en verskille (dogters) is daar tussen die verskillende tydperke? (Wenk: Rangskik dit eers kronologies.)



Figure 3.16

[LU 2.3]

AKTIWITEIT 3

OM TUSSEN VERSKILLENDE TYDPERKE TE ONDERSKEI DEUR HUISE MET 'N BRITSE BOUSTYL TE BESTUDEER

[LU 2.3]

George III was koning in Brittanje toe die Britte die Kaap in 1795 vir die eerste keer oorgeneem het. Hulle boustyl is die Georgiaanse boustyl genoem.

Die huise was gewoonlik drie verdiepings hoog, van stene gebou, gewit en versier met pleisterkalk. Die indrukwekkende vensters is groot, goed geglasuur en die vensterrame is groen geverf.

Voor elke huis was 'n geplaveide platform met 'n trap. Gewoonlik was daar 'n sitplek aan elke kant. Die inwoners het veral saans hier gesit in die koel aandlug.

Figure 3.17

a) **Is daar sulke huise in julle omgewing?**
[LU 2.3]
AKTIWITEIT 4
OM BEWUS TE WEES VAN VERSKILLENDE SIENINGS OOR BEHUISING VANDAG
[LU 3.1]
Suid-Afrika ondervind tans 'n groot woningnood, veral omdat miljoene mense uit die armer, plattelandse gebiede ter wille van werk na die stede trek. In die stede is nie genoeg wonings vir almal nie. Krotbuurte, plakkerskampe en straatkinders is gevolge van dié woningnood.
a) Ondersoek die volgende sketse in 'n klasgesprek.



Figure 3.18

Wat is die oorsake en gevolge van verstedeliking in Suid-Afrika?
Watter verskillende sieninge is daar oor plakkers in Suid-Afrika. Wie is reg?
Hoekom het verskillende persone verskillende standpunte oor dieselfde saak?
Die sketse hieronder is deur verskillende straatkinders geteken.
Die sketse bewys dat elke mens se omgewing sy optrede beïnvloed. Hoe?
Sal jy hierdie bronne as betroubaar beskou? Waarom?
Kyk nou hoeveel verskillende soorte inligting julle uit dié sketse kry.



Figure 3.19

Noudat ons weet waar almal woon, kan ons hulle gaan besoek om meer uit te vind oor hulle eetgewoontes. [LU 3.1]

3.2.6 Assessering

LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – DIE LEERDER IS IN STAAT OM GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP TE TOON.

2.1 Verstaan kronologie en tyd. Saamstel van 'n historiese tydlyn met v.C, n.C, antiek, modern (p. 2, 22)

2.2 Verskaf redes waarom 'n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge). Kan in mondelinge en geskrewe vorm bewyse verskaf van oorsake/gevolge van gebeurtenisse, en patrone raaksien.

2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille). Toon ooreenkomste/verskille aan tussen vandag en 'n spesifieke tydperk se situasies en plekke deur van geskrewe getuienisse gebruik te maak.

LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – DIE LEERDER IS IN STAAT OM ASPEKTE VAN GESKIEDENIS TE INTERPRETEER

3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede.

Verstaan dat verskillende sienings oor dieselfde saak reg of verkeerd kan wees

3.2 Onderskei tussen feite en menings.

Kan inligting vanaf kaarte, diagramme en grafieke bekom.

3.3 Rekonstrueer verlede. Kan 'n eenvoudige rekonstruksie van gebeurtenisse maak en verstaan hoe die mense daaroor voel.

3.2.7 Memorandum

Aktiwiteit 1

a) Die argitektuur is ook deur klimaat en verskillende kulture beïnvloed.

Aktiwiteit 2

a) 3, 4, 1, 2, 5

Aktiwiteit 4

Omdat verstedeliking so vinnig plaasgevind het, is daar ‘n groot tekort aan huise in en om stede. Plakkerskampe is ‘n voorbeeld van ‘n laer inkomste - behuisingsbuurt, Plakkers is mense wat geen heenkome het nie en “bousels” (sinkplaat, karton, hout) aanmekaarslaan op grond wat nie hul eie is nie. Ongeveer een uit elke vyf mense in SA woon in plakkerskampe, geboue in agterplase en talle ander tydelike skuilings. Meeste van die mense het al jare gelede vanaf die platteland getrek omdat hulle geen ander heenkome gehad het nie. Die mans het meestal werk, maar kan nie die huur van ‘n agterplaaskamer in ‘n formele woonbuurt bekostig nie.

Dit is belangrik dat die mense voorsien word van behoorlike behuising met basiese geriewe soos kraanwater. Hul moet aangemoedig word om hul huise en woonbuurte te verbeter.

Samevattend: Plakkerskampe is ‘n simbool van:

- **Mislukking:** omdat die gemeenskap nie voldoende behuising en werk voorsien nie;
- **Hoop:** omdat daar mense bly met krag en uithouvermoë om hul posisie te verbeter.

3.3 Voedsel vir Afrika[3]

3.3.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

3.3.2 Graad 5

3.3.3 ’N VROEË AFRIKA-GEMEENSKAP: MENSE VAN S.A.

3.3.4 Module 11

3.3.5 VOEDSEL VIR AFRIKA

AKTIWITEIT 1

OM DIE VROEË BOERE SE VOEDSELGEBRUIKE TE REKONSTRUEER

[LU 3.3]

Daar is min dinge wat die verhaal van mense in die geskiedenis so goed “vertel” soos hul voedsel. Die boere was nog altyd die spens van ‘n volk – ook in ons land. Soos julle reeds weet, was die San veral jagters en versamelaars wat ‘n nomadiese bestaan gevoer het.

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29524/1.1/>.

Figure 3.20

a) Die San
GROEP 1
Verbeel jou jy vergesel 'n San-jaggroep om voedsel te bekom.
Kyk eers of jy dié skadufigure kan namaak. (moeilik, nê!)
Kan jy vir jou maats 'n boodskap stuur sonder om te praat? (Hoekom mag jy nie praat terwyl jy jag nie?)
Verduidelik nou met behulp van 'n strokiesprent hoe jy diere gaan jag en die vleis daarna gaan gaarmaak. Voorspoed!
GROEP 2
Jou ma het veldkosse en jou pa wildsvleis van die veld af saamgebring! Stel nou môre se spyskaart vir julle gesin op.
Onthou net: Julle leef in die steentydperk.

Figure 3.21

Figure 3.22

b) Die Khoina

Die Khoina het al begin vee aanhou toe die eerste swart mense hier aangekom het. Hulle het ook ruilhandel met ander groepe begin. Beeste is eerder as 'n ruilmiddel aangehou en nie vir die vleis nie. Hulle het ook plantkosse en wildsvleis geëet om te oorleef.

Hoekom het hulle verkies om hulle vee te hou eerder as om dit te slag?

Watter ooreenkoms is daar in die manier hoe die Khoina destyds dikmelk gemaak het en hoe ons vandag jogurt maak?

Figure 3.23

c) Die swart boere

Van die swart boere het al in die Steentydperk by Monzani, naby Durban, gewasse gesaai en geoes. Teen 100 n.C. het hulle in die riviervalleie tussen die Drakensberge en die see, asook op die Hoëveld, geplant en vee aangehou. Hulle boerdery het hulle eetgewoontes en voedsel bepaal.



Figure 3.24

AKTIWITEIT 2

OM OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE KORING- EN WINGERDBOERDERY TE IDENTIFISEER

[LU 2.3]

Die Nederlanders onder leiding van Van Riebeeck moes vars produkte vir die bemannings van die verbygaande skepe kweek. Waar Kaapstad vandag is, het hulle tuine aangelê om groente, druiwe, koring en sitrusvrugte te plant. Hulle het ook ertjies, dassies, seekoeie, bobbejane, rotte en pikkewyne geëet!

In 1657 het nege vryburgers in die Liesbeeckriviervallei plase gekry om graan en mielies te verbou en later wingerde aan te plant.

Figure 3.25

Osse is op die koringplase gebruik om ploeë met versterkte ysterlemme te trek en graan is met sense of sekels gesny. Beeste het die graan op die dorsvloere getrap om só die korrels van die kaf te skei.

Op die wingerdplase het slawe gehelp om druiwe kaalvoet in groot houtvate te trap en wyn te maak.

Figure 3.26

Koringplaas



Figure 3.27

Wingerdplaas

b) Beantwoord die volgende vrae oor meegaande bronne:

Wat het deur die jare verander of dieselfde gebly. Waarom?

Hoe belangrik is dit vandag?

Gestel jy en jou maat het gedurende die agtiende eeu op dié druiwe- of koringplaas onderskeidelik gewerk. Stel nou 'n gesamentlike boerderyprogram op waarin julle julle pligte gedurende die jaar met vandag se boerdery (soortgelyk) vergelyk.

[LU 2.3]

AKTIWITEIT 3
OM VERSLAG OOR VEEBOERDERY TE DOEN
[LU 1.3]

a) **Lees die volgende artikel aandagtig deur en hou daarna 'n klas-vasvra daaroor.**

Die Nederlanders het later die diere wat hulle uit Europa saamgebring het, gekruis met vee wat hulle by die Khoina geruil het. Die rooi Afrikanerbees is 'n goeie voorbeeld van 'n beesras wat in daardie tyd geteel is.

In 1789 het die koning van Spanje twee merino-ramme en vier ooie aan die Nederlandse regering geskenk. Die ramme het baie goed dan die Kaap geaard en het wol en vleis van uitstekende gehalte gelewer. Tans bestaan sowat 80 % van Suid-Afrika se kuddes uit hierdie ras. Vandag is daar omtrent 28 miljoen skape in Suid-Afrika!

Teen die agtiende eeu het sommige veeboere die Kaap verlaat en die binneland ingetrek. Hulle het vee aangehou vir vleis eerder as vir wol. Hulle voedsel het veral bestaan uit die vleis van hulle taai vetstertskape, beesvleis van die langhoringbeeste en wildsvleis van die groot troppe wild. Melk is afgeroom vir botter en vrugte is gedroog of ingelê. Soms het hulle graan gesaai, maar kon dit nie altyd oes nie omdat hulle verder moes trek, óf dit is beskadig deur reën of droogtes. Hulle het brood gebak in miershope of klei-oonde. Koffie, tee en suiker was weelde-artikels en is meestal by rondreisende smouse "gekoop". [LU 1.3]

AKTIWITEIT 4
OM TUSSEN FEITE EN MENINGS TE ONDERSKEI OOR VOEDSELVOORSIENING VANDAG
[LU 2.3]

Vandag bly die meeste mense in dorpe of stede naby voedsel. Probeer in groepsverband vasstel waar julle basiese voedsel vandaan kom.

a) **Gebruik die volgende tabel. Voltooi dan die opname deur die mense in julle gesin daaroor uit te vra.**

BASIESE VOEDSELSOORTE	AFSTAND OM KOS TE BEKOM		
(Verander indien nodig)	0,5 km	2 km+	5 km+
Brood/pap			
Vleis / Vis			
Botter			
Vars vrugte/groente			
Blikkieskos			
Gemiddelde afstand:			

Table 3.1

b) **Jy het nou spesifieke inligting uit mondelinge bronne verkry. Stel nou vas of die volgende stellings feite of menings is.**

Die meeste voedselsoorte is maklik bekombaar.

Die meeste inkopies word naby woonplekke gedoen.

Die meeste van bogenoemde voedselsoorte word by spesifieke/verskillende plekke aangekoop.

Dié situasie verskil heeltemal met dié van die mense in die vorige eeu(e).

3.3.6 Assessering

LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek

1.1 Bekom die bronne. Begin om ekstra vrae oor gebeure, artefakte, plekke, mense te vra wat in moeilikheidsgraad wissel

1.2 Gebruik die bronne. Kan bladsyverwysings gebruik
Weet watter bronne (boeke) oor spesifieke onderwerpe inligting verskaf vir 'n taak/uitstalling

- Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing).

Kan inligting op 'n diagram, kaart, skets verduidelik
Kan mondeling of skriftelik 'n gebeurtenis uit die verlede verduidelik
LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – DIE LEERDER IS IN STAAT OM GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP TE TOON.
2.1 Verstaan kronologie en tyd. Saamstel van 'n historiese tydlyn met v.C, n.C, antiek, modern (p. 2, 22)
2.2 Verskaf redes waarom 'n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge). Kan in mondelinge en geskrewe vorm bewyse verskaf van oorsake/gevolge van gebeurtenisse, en patrone raaksien.
2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille). Toon ooreenkomste/verskille aan tussen vandag en 'n spesifieke tydperk se situasies en plekke deur van geskrewe getuienisse gebruik te maak.
LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – DIE LEERDER IS IN STAAT OM ASPEKTE VAN GESKIEDENIS TE INTERPRETEER
3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede.
Verstaan dat verskillende sienings oor dieselfde saak reg of verkeerd kan wees
3.2 Onderskei tussen feite en menings.
Kan inligting vanaf kaarte, diagramme en grafieke bekom.
3.3 Rekonstrueer verlede. Kan 'n eenvoudige rekonstruksie van gebeurtenisse maak en verstaan hoe die mense daaroor voel.

3.3.7 Memorandum

Aktiwiteit 1

- Wild is met pyle en boë gejag. Voëls en kleiner diere is in wippe, valkuile, valstrikke en vangnette gevang. Jagters het gebuk beweeg sodat hulle nes diere gelyk het wat in die gras beweeg. Hulle het heeltyd onderkant die wind gebly sodat die prooi hulle nie kon ruik en skrik nie. Die dooie dier is huis toe geneem. Die vleis is met 'n skerp klip afgesny en op die vuur gebraai.
- Die Khoina het hul vee as hul waardevolste besitting beskou. Daarom is hul beeste selde geslag. Hul hoofvoedsel was melk wat hulle laat dik word het deur die blare van die ebbeboom te kou en dit dan in warm melk te sit. Hulle het ook melk in groot kalbasse laat suur word en dit dan gedrink.
- Vee (skape), mielies (koring, sorghum), beeste

- (gebreide) velle, mans
- jag, vroue
- gewasse (bone, pampoene, bone, koring, mielies, sorghum), implemente
- waatlemoen (of pampoene), mielies (of sorghum)
- pampoene, skuur
- kalbasse/houtlepels, kleipotte

Aktiwiteit 2
a) TV-skottel, selfoon, rekenaar pas nie
b) **Koringplaas**: ploeg, saai, skoffel, oes, dors en uitwan van koring
Wingerdplaas: saai, skoffel, wingerdsnoei, pluk van druiwe

3.4 Musiek uit Afrika[4]

3.4.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

3.4.2 Graad 5

3.4.3 'N VROEË AFRIKA-GEMEENSKAP: MENSE VAN S.A.

3.4.4 Module 12

3.4.5 MUSIEK UIT AFRIKA

Figure 3.28

Hierdie tema word nou letterlik met 'n lied in die hart afgesluit. In Suid-Afrika woon, eet en sing die mense mos graag saam!

'n Mens kan natuurlik verwag dat 'n land met so 'n ryke verskeidenheid mense ook 'n wonderlike verskeidenheid musiek sal hê. Dit wissel van die San se eensnaar-ghoera, die polsende ritme van die mbqanga in baie swart woonbuurte, lewendige volksliedere van die Kaapse Klopse, simfonie-orkeste tot die tromme van werkers op olie- en vullisdromme.

AKTIWITEIT 1

OM BRONNE OOR DIE VERSKILLENDE GROEPE SE MUSIEK TE GEBRUIK

[LU 1.2]

a) **Die San en Khoina**

Die **San** het natuurlike materiale gebruik om hul musiekinstrumente van te maak. So is stringe ratelende krale om hul enkels vasgemaak wanneer hulle gedans het. Die skietboog is effens aangepas om musiek mee te maak en is 'n ghoera genoem. Dit is bespeel deur met 'n ligte stokkie op die snare te slaan. Vandag gebruik hulle ook materiale soos blikkies en koperdraad.

Die **Khoina** het fluite bespeel wat vervaardig is uit riete van verskillende lengtes. (Wat dink jy kon hulle gebruik het as daar nie riete beskikbaar was nie?) Hulle het ook dromme gemaak deur diervelle oor kleipotte te span.

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29536/1.1/>.



Figure 3.29

San



Figure 3.30

Khoina

Doen die volgende navorsing in julle groepe:

In watter tipe bronne kan ‘n mens, byvoorbeeld oor musiek, na inligting gaan soek?

Vra ook vir jou onderwyser om aan jul te verduidelik hoe ‘n biblioteek se katalogus werk.

‘n Ghoera en tuisgemaakte kitaar is voorbeelde van snaarinstrumente. Gee die name van nog drie snaarinstrumente en maak ‘n eenvoudige sketsie langsaan.

b) Swart mense

Figure 3.31

Die enigste volkere in Suid-Afrika wat tradisionele tromspelers was, was die Venda-, Pedi- en Tsongavolkere. Die Ngunivolkere, soos die Xhosas en Zoeloes, het eerder met hulle wapens teen hulle beesvelskilde geslaan, of hulle skilde op die grond gestamp terwyl hulle krygsliedere gesing het. Die Ngunivolkere het eers in die latere jare hulle eie tromme met velle gemaak. Dié tromme is dan met twee tromstokkies bespeel.

Nguni-trom

Figure 3.32

Xilofoon

'n Ander tradisionele musiekinstrument is natuurlik die xilofoon. Dié woord is afgelei van die Griekse woorde wat "hout" en "klanke" beteken. Dit is houtblokke van verskillende lengtes wat met stokke met harde koppe bespeel word. Soms is hol kalbasse onder die houtblokke vasgemaak om só die klankvolume te versterk.

Die Tsongas en Vendas het ook xilofone met vaste klawers gebruik. Sommige swart volkere het ook horings (van wildsbokke) gebruik en dit soos die vroeëre rietfluitspelers van die kant af geblaas.

Figure 3.33

Ghoera

Jou vriend Ben, van Soweto, wil 'n tipiese tradisionele musiekinstrument van sy groep vir jou as verjaarsdaggeskenk gee. Doen navorsing en gee nou vir hom die name van vyf sulke musiekinstrumente in die volgorde soos jy daarvan hou. Sê ook hoekom jy dit so gerangskik het.

c) Klassieke tydperk

Tydens die Nederlandse bewind (sewentiende eeu) aan die Kaap is militêre musiek tydens seremoniële geleenthede met tromme, trompette en ander blaasinstrumente gespeel. By ryker gesinne het slawe-orkeste opgetree of het die kinders die gaste vermaak met viool-, fluit- en harpmusiek. In dieselfde tyd in Europa,

het Duitsland gespog met van die wêreld se grootste komponiste, naamlik Johann Sebastian Bach en George Friederich Handel.

Die Britte het veral in die agtiende eeu hulle soldate gebruik om openbare vermaak te verskaf. Daar is gereeld operas, balletopvoerings en musiekblyspele by die garnisoenteater op Riebeeckplein aangebied. Die eerste musiekakademie is reeds in 1826 in Kaapstad gestig. Musiekmeesters soos Pabst, Schrumpf en veral Letoming het daar vertonings gelewer van onder andere Mozart, Haydn en Viotti. In Europa het komponiste soos Joseph Haydn, Wolfgang Amadeus Mozart en Ludwig von Beethoven sterk op die voorgrond getree en wêreldberoemd geword.



Figure 3.34

---

d) Afrikaanse volksmusiek

Jy sal dalk mondelinge bronne moet gebruik om die regte antwoorde tussen die hakies te kan onderstreep:

1. Boeremusiek het tydens (skuurpartytjies, skemerpartytjies, jagtogte) ontstaan.
2. Die musiekinstrumente was veral die trekklavier, konsertina, kitaar en (banjo, klavier, tromme).
3. Teen 1940 was die (toi-toi, "swing", vastrap) hoog in die mode.
4. Die tiekiedraai was 'n (stadige, vinnige, walsende) dans waarin paartjies op 'n spasie so groot soos 'n "tiekie" in die rondte kon draai.

Figure 3.35

---

e) Moderne musiek

Gebruik weer mondelinge bronne en hou daarna 'n klasgesprek oor die
volgende uitsprake:
'n Mens sonder musiek is soos 'n hoender soos vere!
Musiek bring mense bymekaar.
Verandering, ook ten opsigte van musiek, kan nie gestuit word nie.
Hoe klink die musiek van die nuwe geslag?
Kom kyk watter bydrae hierdie verskillende musiekstyle tot moderne musiek in Suid-Afrika gelewer het.
Kyk of jy die regte styl by die regte beskrywing kan pas:

Marabi	1.	Dit is 'n kenmerkende styl wat stedelike swart mense in die twintigerjare ontwikkel het. Dit is 'n vermenging van swart en Westerse musiek. Die Kaapse bruin musikante het selfs Afrikaans-Amerikaanse musiek hierby ingesluit.
Kwêla	2.	Afrika-manskoormusiek is 'n mengsel van Zoeloe, Swazi, Westerse, Afrikaanse en Amerikaanse klanke. Miriam Makeba het dit beroemd gemaak.
Umbaqanga	3.	Dit is die eerste Suid-Afrikaanse musiekstyl wat internasionaal erken is. Dit is stedelike musiekstyl wat veral deur groepe jong seuns met hulle fluite in die 1940's gespeel is. Later is kitare en kontrabas bygevoeg. (Mango Groove)
Mbuke	4.	Hierdie is 'n mengsel van plaaslike musiek en Afrika-jazz. Dit is beïnvloed deur kwêla, ouer tradisionele en Amerikaanse "jive-musiek". Dit word veral met elektriese kitare, trekklaviere, tromme en viole gespeel.

Table 3.2

Kyk nou of jy elke beskrywing in kolom B by die kunstenaar/groep in kolom A kan pas:

A		B
Ladysmith Black Mambazo	1.	Sy groep sing 'n mengsel van Zoeloe-liedjies, mbaqanga, "rock 'n roll", asook danse.
Johnny Clegg	2.	Sing snitte op Paul Simon se Graceland-album, en het in 1985 'n Grammy-toekenning ontvang.
		continued on next page

Mango Groove	3.	Hierdie is Maleierkore. Hulle sing lewendige volksliedjies soos: "Daar kom die Alabama!"
Kaapse Klopse	4.	Dit is 'n internasionale groep met Claire Johnson as hoofsanger. Hulle interpretasie van die kwêla-musiek is wêreldberoemd.

Table 3.3

Stel nou julle eie klas se "TOP 10" saam aan die hand van 'n vraelys.

Rolspeel die ontwikkeling van musiek in Suid-Afrika. Julle moet soveel verskillende musiekinstrumente as moontlik gebruik. (Bandopnames is ook welkom!) Julle kan ook julle eie bandopnames maak!

Onthou: Julle sal mekaar se gevoelens en smake in ag moet neem en tot voordeel van die hele groep moet gebruik!

In hierdie blok is meer as 40 musiekinstrumente versteek . . . soek en omkring dit. Dit kan vorentoe, agteruit, op, af of skuins lees. Ken jul elkeen?

D	O	E	D	E	L	S	A	K	L	N	O	E	D	R	O	K	K	A
W	K	R	L	O	O	I	V	S	A	B	J	H	R	A	K	B	C	D
A	A	T	R	O	M	P	I	E	A	E	N	A	K	U	O	P	F	B
R	S	H	S	E	R	F	Y	N	B	H	A	R	M	O	N	I	U	M
S	T	R	O	M	L	I	X	T	M	T	B	P	J	K	S	C	T	O
F	A	G	O	T	L	M	I	P	I	A	N	O	L	A	E	C	R	N
L	N	E	A	N	K	U	L	K	S	P	I	N	E	T	R	O	E	D
U	J	N	B	O	L	P	O	V	I	O	O	L	R	S	I	L	K	F
I	E	O	M	T	A	U	F	V	S	A	B	A	R	T	N	O	K	L
T	T	B	I	W	R	X	O	Y	I	Z	K	A	B	C	A	D	L	U
F	K	M	R	B	O	E	O	G	T	H	L	R	I	J	K	L	A	I
M	L	O	A	L	E	N	N	O	E	P	E	R	S	T	U	V	V	T
H	A	R	M	O	N	I	K	A	R	I	P	W	X	Y	Z	A	I	J
B	V	T	C	K	D	V	I	O	L	A	H	S	K	A	L	M	E	I
E	I	U	F	F	S	A	X	O	F	O	O	N	G	H	I	J	R	E
K	E	B	K	L	A	V	I	C	H	O	R	D	L	O	M	P	N	Q
S	R	A	T	U	M	A	N	D	O	L	I	E	N	U	X	V	Y	E
Z	A	C	M	I	R	L	I	T	O	N	N	E	L	E	L	E	K	U
F	L	U	I	T	J	E	L	L	O	B	G	T	R	O	M	P	E	T
D	G	E	H	F	I	R	E	I	V	A	L	K	L	E	U	E	L	V

Table 3.4

Blokfluit, dwarsfluit, fluit, fagot, harmonika, mondfluitjie, tuba, trompie, trom, simbaal, xilofoon, skalmei, trompet, akkordeon, basviool, banjo, harp, kitaar, klavichord, viola, siter, pouk, serfyn, viool, ukelele,

doedelsak, saxofoon, trombone, trekklavier, kontrabas, vleuelklavier, tjello, spinet, pianola, piccolo, lier, luit, mirliton, marimba, mandolien, orrel, harmonium, klephoring, klavier, kastanjet

[LU 1.2]

3.4.6

3.4.7 Assessering

LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek

1.1 Bekom die bronne. Begin om ekstra vrae oor gebeure, artefakte, plekke, mense te vra wat in moeilikheidsgraad wissel

1.2 Gebruik die bronne. Kan bladsyverwysings gebruik

Weet watter bronne (boeke) oor spesifieke onderwerpe inligting verskaf vir 'n taak/uitstalling

- Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing).

Kan inligting op 'n diagram, kaart, skets verduidelik

Kan mondeling of skriftelik 'n gebeurtenis uit die verlede verduidelik

3.4.8 Memorandum

a) Snaar-: viool, banjo, kitaar

b)

d) 1. skuurdanse 2. banjo

3. vastrap 4. vinnige

f) Marabi (1) Umbaqanga (4)

Kwêla (3) Mbuke (2)

Chapter 4

Kwartaal 4

4.1 Romeinse Ryk: Ontstaan en leefwyse[1]

4.1.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

4.1.2 Graad 5

4.1.3 DIE ANTIEKE ROMEINSE RYK: 500 v.C. – 500 n.C.

4.1.4 Module 13

4.1.5 ONTSTAAN EN LEEFWYSE

DIE ONTSTAAN VAN DIE RYK EN DIE LEEFWYSE VAN SY MENSE

Voordat ons begin, is dit belangrik om te verstaan wat 'n antieke beskawing is.

Tydperke wat die **verste** van ons af is, noem ons **antiek.** Dié wat naby ons is, noem ons **hedendaags.**

Ons praat van 'n BESKAWING wanneer die getuienis daarop dui dat daardie mense se **leefwyse** kenmerke van **ontwikkeling en verfyndheid** toon.

DIE MENSE VAN DIE **ANTIEKE** BESKAWINGS HET DIE FONDAMENTE VAN ONS **MODERNE** BESKAWING GELÊ.

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25793/1.1/>.



Figure 4.1

Hierdie module vertel die interessante verhaal van die **Romeinse Ryk** – een van die vroeë **grootste** beskawings wat die wêreld nog ooit geken het! Hul geskiedenis strek oor meer as **1 000 jaar** en oor die grootste deel van daardie tyd se bekende beskawings! Dis nie al nie. Hul ongelooflike bydraes tot die samelewing strek tot in ons moderne tyd.

Baie welkom in die romeinse ryk!

AKTIWITEIT 1

OM BEWUS TE WEES VAN VERSKILLENDE SIENINGE OOR DIE ONTSTAAN VAN DIE RYK [LU 1.3]

HOE DIE ROMEINSE RYK ONTSTAAN HET

Teen 800 v.C. was daar slegs 'n aantal rietdakhutte op die heuwels wat die Tiberrivier omring. Die inwoners was meestal boere wat veral koring, olywe en druiwe in die vrugbare deel gekweek het en ook beeste en skape aangehou het. Mettertyd het die groeiende dorpies op die sewe heuwels begin handel dryf en saamsmelt. Teen 753 v.C. het Romulus volgens oorlewering die stad Rome gestig. Toe kon die Romeine mekaar op militêre gebied beskerm teen vyandige aanvalle, veral van die Etruriërs. Hulle het ook gemeenskaplike gode saam aanbid.

Die Ryk het daarna soos volg ontwikkel:

Figure 4.2

1. In die begin het die priesters namens die inwoners offers aan hul gode gebring. Teen 50 v.C. is Rome deur die Etruriërs verower. Die koning van Etrurië is egter later deur die Romeine uit Rome verjaag.

Figure 4.3

1. Die Romeine besluit toe om nooit weer 'n koning te hê nie, en Rome het 'n REPUBLIEK geword. Twee konsuls is jaarliks gekies om te regeer. Hulle is bygestaan deur 'n senaat van ouer, wyser manne.

Figure 4.4

1. Rome het geweldig uitgebrei. Die een na die ander groep is oorwin en 'n magtige ryk is na die weste en die ooste en in Noord-Afrika opgebou. Generaals, soos Julius Caesar, het die provinsies beheer. Die konsuls het mettertyd beheer verloor oor die generaals. Opstande en oorloë het gevolg.



Figure 4.5

1. Toe Julius Caesar Rome aanval en self wou koning word oor die Ryk, het sy teenstanders hom in 44 v.C. in die senaatsaal doodgesteek. So het die Republiek ineengestort. Teen 31 v.C. het Octavianus (genoem Augustus) die eerste keiser van die groot Romeinse Ryk geword.

Maar voortdurende oorloë het later die magtige Romeinse Ryk lamgelê. In 455 n.C. is die Ryk deur 'n sterk stam, die Vandale, binnegeval en verower....

a) **Nou weet jy hoe die Romeinse Ryk uitgebrei het. Lees die volgende legende om uit te vind hoe die hoofstad, Rome, aan sy naam gekom het ....**

Mars, die oorlogsgod, moes sy twee seuns (Romulus en Remus) in 'n wiegie langs die Tiberrivier agterlaat. Daar het 'n wyfiewolf die twee babas gekry en met haar melk begin voed. Eendag het 'n skaapwagter die babas egter alleen in die veld gekry. Hy het hul saamgeneem en as sy eie seuns grootgemaak. Toe hulle groot was, het hulle op die plek waar die skaapwagter hulle gekry het, 'n stad aangelê. Die tweeling het stry gekry, en Romulus het vir Remus in 'n woedevlaag doodgemaak. Daarna het Romulus Rome na homself vernoem.

Figure 4.6

AKTIWITEIT 2

OM BEWUS TE WEES VAN DIE VERSKILLENDE SIENINGS VAN DIE LEWE IN ROME [LU 1.3]

Dit is interessant om te weet dat ryk en arm Romeine se leefwyse baie verskil het. Julle sal dit veral oplet by hul (a) tipe werk, (b) eetgewoontes en (c) wonings.

Die rykmense het skatryk geword, onder meer uit handeldryf, (bv. in slawe of voedsel vir die leër) en mynbou. Hul vrouens het slawe gebruik, selfs om hul hare te doen, te grimeer en aan te trek.

Daarenteen is manlike en vroulike slawe is by slawemarkte gekoop en verkoop. Soms is 'n hele verowerde stad se inwoners as slawe verkoop. Hulle is dan op 'n veiling nakend vertoon met kennisgewings om die nek. Jong seuns en geleerde slawe was die gewildste. (Hoekom?) Enigiemand met genoeg geld kon slawe koop. Soms is slawe mishandel en selfs doodgemaak as hul probeer wegloop het. Slawe is gebruik om die volgende take te verrig:

Vroue is gebruik as haarkappers, kleremakers, kokke en bediendes.

Mans moes silwerware, potte, panne en wapens in klein werkswinkels vervaardig.

Party slawe moes harde werk in **myne** verrig. Die omstandighede ondergronds was haglik, met talle veiligheidsrisiko's.

Op die **landgoedere** moes slawe spit, ploeg en ander noodsaaklike take verrig.

Publieke slawe moes help paaie bou, belastings invorder, akwadukteherstel en ook as klerke optree.

a) Voltooi onderstaande strokiesprent om aan te dui dat slawe of ryk mense 'n besonder belangrike rol in die Ryk vervul het. (Jy kan ook jou eie prent saamstel!)

Figure 4.7

Die Romeine se stapelvoedsel was koringbrood met kaas en bier of pap met kruie, groente en olywe aangevul met ander geurmiddels. Verder was hulle ook lief vir vrugte, heuning, eiers, dadels en wyn. As hulle dit so verkies het, kon hulle hul eie kos by die openbare bakkery laat gaarmaak. Vir besondere geleenthede is spesiale gaste uitgenooi na 'n dinee waar sewe verskillende soorte vleis, asook vis, vrugte en uitsoekwyne deur slawe bedien is. By sulke geleenthede kon hulle vir ure aaneen eet en gesels terwyl slawe die vlieë met pouveerwaaiers moes weghou. Bestudeer meegaande spyskaart vir 'n Romeinse dinee!

Figure 4.8

b) Stel nou jou eie SPYSKAART vir 'n gewone of ryk gesin vir 'n dag op. Jy kan self besluit vir watter etes.

c) Ryk mense kon weelderige villas in die dorpe of op 'n landgoed besit. Bestudeer eers in pare meegaande rekonstruksie van 'n herehuis in Pompeii – 'n Romeinse stad wat in 79 n.C. na 'n vulkaniese uitbarsting onder lawa begrawe is. Verbind die nommers met die korrekte beskrywing.



Figure 4.9

	Trap wat na slaapkamer lei (Slaapkamers was meestal klein met min meubels.)
	Slaapkamers
	Bo-vertrek
	Binneplaas met blombeddings/struike (Argeoloë het tydens opgrawings selfs sade van die oorspronklike plante hier gevind.)
	continued on next page

	Ontvangs- of studeerkamer
	Winkel
	Vernaamste woonvertrek met 'n slaapkamer langsaan
	Eetvertrek met 3/4 rusbanke waarop eters gesteun/gelê het
	Ingangsportaal (mosaïek op vloer uitgewerk)
	Kombuis (oonde met houtskool gestook)

Table 4.1

Die armer mense in Rome het in houthuisies, huurkamers (teen 27 v.C. was daar omtrent 45 000) of in vertrekke bokant winkels – soms tot vyf verdiepings hoog – gebly. Party plekke het inmekaargeval omdat bouers swak materiaal gebruik het. Die boonsteverdiepings het nie water gehad nie. (Hoekom?) Meubels het meestal bestaan uit een of twee lamlendige beddens en 'n sitbank en stoele. Huurders moes openbare toilette gebruik. In die winter is daar met houtskool vuur gemaak. Vrouens het hul eie klere geweef nadat hulle garedraad daarvoor op 'n spinwiel gespin het. Die meeste huise het slegs 'n venstertuin gehad.

d) Gestel jy is 'n slaaf wat in beheer is van die herehuis of die inwoner van 'n huurkamer. Vertel hoe jou dag/aand sal verloop indien 'n belangrike besoeker kom oorbly.

4.1.6 Assessering

LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek

1.1 Bekom die bronne. Begin om ekstra vrae oor gebeure, artefakte, plekke, mense te vra wat in moeilikheidsgraad wissel

1.2 Gebruik die bronne. Kan bladsyverwysings gebruik

Weet watter bronne (boeke) oor spesifieke onderwerpe inligting verskaf vir 'n taak/uitstalling

- Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing).

Kan inligting op 'n diagram, kaart, skets verduidelik

Kan mondeling of skriftelik 'n gebeurtenis uit die verlede verduidelik

4.1.7 Memorandum

AKTIWITEIT 2

(c) 1, 7, 10, 3, 6, 8, 2, 4, 9, 5

4.2 Drie besienswaardighede in Rome[2]

4.2.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

4.2.2 Graad 5

4.2.3 DIE ANTIEKE ROMEINSE RYK: 500 v.C. – 500 n.C.

4.2.4 Module 14

4.2.5 DRIE BESIENSWAARDIGHEDE IN ROME

Ek gaan nou 'n uitstappie onderneem na antieke Rome se belangrikste besienswaardighede. Jul kan ook saamkom!

AKTIWITEIT
OM BRONNE TE GEBRUIK EN VERSLAG TE DOEN OOR ROME SE BESIENSWAARDIGHEDE [LU 1.2; 1.3]

a) Skryf die name van die onderskeie geboue en plekke neer.



Figure 4.10

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25797/1.1/>.



Figure 4.11

Soos die meeste Romeine, het ek ook vanoggend lekker vroeg opgestaan en pap met wyn in my villa geniet. Later het vier slawe my in my draagstoel deur die bedrywige strate gedra na 'n plein in die middel van Rome – - genoem die **Forum** (vandag die Forum Romanum). Rondom dié plein is ook regeringsgeboue, ongelooflike pilare en standbeelde.

Naby is **Caesar se mark**, waar heelwat speserye te koop is. Die meeste **winkels** maak soggens vroeg oop, sluit middae vir 'n ruk en bly dan tot skemeraand oop.

Daar is ook klerehandelaars, bakkers, barbiere, kruideniersware-handelaars, aptekers, goudsmede, vleisverkopers, boek- en pluimveehandelaars. Olieverkope is beslis die winsgewendste. (Hoekom?) Baie handelaars het langs of bo-op hul winkels gebly.

Verder aan is die **Trajanus-mark** met sy tipiese klein winkeltjies.

Nou gaan ons na die rivier toe. (Watter een?) Op pad stap ons verby die reusagtige **Colosseum** waar toeskouers op grusame wyse vermaak is. Dit is van marmer, klip, baksteen en graniet gebou. Materiale is met trekskuite op die Tiberrivier vervoer. Die antieke amfiteater (omtrent 100 m hoog) kon meer as 50 000 toeskouers huisves. Daar is ook meer as 80 verskillende uitgangstrappe sodat die toeskouers die stadion binne drie minute kon verlaat!

Die Colosseum is in 80 n.C. ingewy met 'n spele wat meer as 100 dae geduur het. Daarvoor is duisende diere in Noord-Afrika gevang om in die arena te veg. Die keiser het selfs al 'n skyngeveg op water hier laat plaasvind!

Colosseum



Figure 4.12

b) **Voltooi meegaande sleutel tot die Colosseum, wat natuurlik vandag nog in Rome bestaan.** Skryf slegs die korrekte syfer regoor die ooreenstemmende beskrywing in.

	Looplys vir boogskutters			Reuse sonskerm
	Ingang vir wildediere			Houtpilare vir sonskerm
	Keiser se losie			Groot uitgang vir swaardvegters
	Buitenste marmervoorkant			Verhoog waarop belangrike mense kan beweeg
	'n Groot uitgang			

Table 4.2

c) DINKSKRUM – in pare!
Waarvoor was daar:
80 groot uitgangstrappe?
'n rioolstelsel van klip?
'n looplys vir boogskutters?
d) Jy is een van die opgewonde skare in die Colosseum. Rolspeel die geveg!
of

Voer 'n kort onderhoud met 'n swaardvegter vir jul skoolkoerant.
Vra hom gerus ook uit oor al die verskillende kleure, reuke en geluide in die arena.



Figure 4.13

Ons stap ook onderdeur 'n **Akwaduk** (waterleiding) wat reeds in die tyd van keiser Claudius gebou is om vars water oor valleie en heuwels na Rome te bring. (Die Aqua Claudia is 65 km lank; Aqua Marcia is 55 km lank.) Slawe is gebruik om dit te bou en te herstel. Reuse hyskrane en katrolle is gebruik om die groot rotsblokke op te hys en reg neer te sit. Daarvandaan is pype na huise en ander geboue aangelê. (Vier van dié akwadukte na Rome is vandag nog in gebruik).



Figure 4.14

Uiteindelik bereik ons Trojon se winkel langs die groot **Waterwiel** op die wal van die pragtige Tiberrivier. Die slawe is juis besig om 'n vlot met koring hawe toe te sleep sodat dit afgelaai kan word. Hy reël dat die koring môre na een van sy **Graanmeulens** oorkant die rivier vervoer word. Daar was meer as 250 meulens in en rondom Rome – waarvan omtrent 20 met waterkrag werk.

Op pad terug maak ons vir oulaas tyd om die dag se "moeg" by 'n **Badhuis** af te spoel. Terwyl 'n slaaf jou toga vashou, kan jy rustig in die warm water ontspan. Daarna word jy met geurige olies ingesmeer. Ongelukkig het ons nie vandag ook tyd om die gimnasium, tuine, biblioteek en winkeltjies hier te besoek nie.



Figure 4.15

Badhuis
Vanaand gaan ons die dag op 'n hoogtepunt afsluit met 'n vertoning in die **Circus Maximus**.

Figure 4.16

Dié stadion kan omtrent 250 000 toeskouers hanteer. **Strydwawedrenne** word daagliks aangebied – met die eindrondtes saans. Die sanderige roete is omtrent 2 km lank, met skerp draaie aan die ente. In die middel is 'n muur om te verhoed dat drywers kortpad neem. Dié drywers, meestal opgeleide slawe, word soos helde behandel. Sommige kan met meer as 1 000 oorwinnings spog, terwyl andere na slegs enkele wedrenne verongeluk. Die karre, getrek deur twee tot vier perde, is lig en baie onvas en moes deur die drywer(s) self gebalanseer word. Daarom kan die karre maklik omgeslaan, en word drywers dan saamgesleep en kom dikwels so aan hul einde. Groot bedrae geld word op die vier spanne (wit, blou, rooi en geel) aangegaan.

a) Ontwerp nou jou eie strokiesprent, met byskrifte, oor 'n besonder opwindende strydwaresies by die Circus Maximus.

Na 'n wonderlike dag sit ons laataand en gesels oor die Romeinse teaters. Die akteurs het gewoonlik maskers gedra. Vra nou eers jul onderwyser om jul die pragtige verhaal te vertel van **Andracolus en die leeu.** (Hy was 'n ontsnapte slaaf wat weer gevang is en teen 'n leeu moes veg ....)

Figure 4.17

f) **Ontwerp nou jou eie masker vir 'n toneelstuk oor dié storie en bring dit saam klas toe!**

Figure 4.18

4.2.6 Assessering

LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek

1.1 Bekom die bronne. Begin om ekstra vrae oor gebeure, artefakte, plekke, mense te vra wat in moeilikheidsgraad wissel

1.2 Gebruik die bronne. Kan bladsyverwysings gebruik

Weet watter bronne (boeke) oor spesifieke onderwerpe inligting verskaf vir 'n taak/uitstalling

- Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing).

Kan inligting op 'n diagram, kaart, skets verduidelik

Kan mondeling of skriftelik 'n gebeurtenis uit die verlede verduidelik

4.2.7 Memorandum

AKTIWITEIT

(a)

(b)

1	Looplys vir boogskutters		3	Reuse sonskerm
7	Ingang vir wildediere		4	Houtpilare vir sonskerm
6	Keiser se losie		5	Groot ingang vir swaardvegters
9	Buitenste marmervoorkant		8	Verhoog waarop belangrike mense kan beweeg
2	'n Groot uitgang			

Table 4.3

4.3 Skole en kerke in die Romeinse Ryk[3]

SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

Graad 5

DIE ANTIEKE ROMEINSE RYK: 500 v.C. – 500 n.C.

Module 15

SKOLE EN KERKE IN DIE ROMEINSE RYK

Skole

Dit was veral die ryker mense se kinders wat gereeld skoolgegaan het. Meestal is van Griekse onderwysers, wat die kinders streng behandel het, gebruik gemaak. Tug is streng toegepas deur die swak betaalde skoolmeesters. Skole het soggens vroeg begin en tot laatmiddag geduur. Seuns en meisies tussen 7 en 12 jaar moes aparte laerskole bywoon om te leer lees, skryf en reken. Hulle het met 'n rietpen (stilus) op was of op 'n houtbord geskryf. Die tale was Latyn en Grieks.

Meisies het die skool op 13 verlaat en het daarna tuis geleer hoe om goeie tuisteskeppers te wees. Die seuns is na 'n tipe praktiese hoërskool, die grammaticius, gestuur waar daar aandag gegee is aan boeke, gedigte, praktiese wiskunde, musiek en openbare redenaarskuns, asook indiensopleiding in die leër. Die kinders was ook lief om speletjies soos "Blindemol, Koning, Regter" of "Swaardvegter" te speel. Soms het hulle ook met hoepels, poppe of maskers gespeel en het graag in hulle vrye tyd die openbare badhuise besoek.

AKTIWITEIT 1

OM DIE GESKIEDENIS VAN DIE ROMEINSE SKOLE TE REKONSTRUEER

[LU 2.3]

a) Ontwerp nou jou eie skoolrooster vir 'n antieke skool vir een dag. Gebruik die Romeinse alfabet en syferstelsel, asook dieselfde tipe skryfmateriaal (bv. rietpen, ink.)

Figure 4.19

Rietpen

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m29547/1.1/>.

Figure 4.20

Ink (roet gemeng met water)

Figure 4.21

Papirus

Probleemoplossingsessie!

b) Hoe sou Romeinse kinders van die antieke tydperk die volgende probleem opgelos het? Daar is drie moontlike oplossings!

Die mense van Rome is baie ontevrede omdat broodpryse weer gestyg het en baie van hulle dit nie meer kan bekostig nie.

Gee die weermag se broodvoorrade vir Rome.
Bou 'n nuwe hawe sodat meer vragskepe met graan kan vasmeer.
Vra alle bakkers om vir 'n week lank gratis brode te bak.

Table 4.4



Figure 4.22

c) As opgeleide argitek word jy nou gevra om nog 'n groot stad, amper soos Rome, te help beplan. Meegaande sleutel en vierkant behoort jou te help. In die simboolkolom staan hoeveel ruimte (vierkante) gebruik moet word. Gebruik die inligting van die daguitstappie in Rome in 'n vorige module. VOORSPOED MET DIÉ GROOT OPDRAG!

Table 4.5

SIMBOOL	BESKRYWING	SIMBOOL	BESKRYWING
	Stadsmuur rondom	2	Badhuis
	Pad (twee hoofroetes + ander paaie)	4	Teater
4	Hek	4	Tempel
6	Forum in die middel van die stad	2	Biblioteek
		30	Huise
		6	Sirkus

Figure 4.23

(By die simbole word die aantal strukture ook aangedui.)

AKTIWITEIT 2

OM BRONNE OOR DIE KERK TE GEBRUIK EN VERSLAG DAAROOR TE DOEN

[LU 2.2; 2.3]

Die Romeine het die Griekse gode oorgeneem, maar hul gode was minder menslik en meer verhewe. Hulle het ook in towerkuns geglo. In die meeste huise was daar 'n altaar vir die lare en penate – die gesin se huisgode (bron 1). Gedurende openbare geleenthede is offers aan die gode gebring. Aan die begin was daar vir elke god 'n tempel. Priesters en hoofamptenare het die plegtighede waargeneem. Gewone mense kon ook tempeldienste bywoon, al het hulle nie werklik 'n belangrike rol daarin gespeel nie. As 'n siek of beseerde liggaamsdeel gesond geword of herstel het, is 'n model daarvan gemaak en uit dankbaarheid aan die gode gewy.

Al hoe minder burgers (veral opgeleide Romeine) het in gode geglo, en baie tempels het verwaarloos geraak. Daar was egter nog steeds 'n tempel (bron 2) waar mense vir gode gunste kon vra in ruil vir geskenke. Vandaar het die tradisie in die tyd van keiser Augustus (27 v.C. – 14 n.C.) ontstaan om die keiser soos 'n god te eer. Die mense moes hul lojaliteit toon deur wierook voor 'n beeld van die keiser te brand.

bron 1

Figure 4.24

Huisgode

bron 2

Figure 4.25

Tempel

a) Navorsingstaak!

Gaan soek 'n legende waarin 'n god iets besonders laat gebeur het. Skryf kortliks 'n verslaggie daaroor, met 'n prent wat 'n kleuter kan inkleur.

Soos tye verander het, het veral die geleerde Romeine besef dat hulle nie dié gode nodig het nie. Daarom het hulle ander gelowe begin aanhang om vir hulle geluk en hoop te gee. Een hiervan was die Christendom. Christene het 'n eenvoudige boodskap van liefde en hoop na alle mense uitgedra - volgens Jesus se voorbeeld op aarde, waar Hy ook armes en siekes genees het. Verhale is geskryf om te wys dat, as mense soos Hy leef, hul gered sal word en vir ewig lewe. Aan die begin het veral arm mense die Christendom aanvaar, omdat dié boodskap hul lewens kon verander en vernuwe.

Christene is egter nie toegelaat om in Rome te aanbid nie omdat die keisers nie wou hê dat God meer eer as hulle ontvang nie. Omtrent 30 jaar na Jesus se dood het keisers, soos Nero in 64 n.C., Christene op groot skaal begin vervolg, mishandel en doodmaak. Eers in 313 n.C. het keiser Konstantyn 'n wet uitgevaardig om godsdiensvryheid te waarborg. Binne 300 jaar het die Christendom oor die hele Romeinse ryk, asook groot dele van Asië en Afrika, versprei. 1 500 jaar later het dit wêreldwyd versprei. Ons vind nog op talle plekke pragtige basilieke of kerke uit dié era.

b) Keisers soos Nero het die vervolging van Christene as sportiewe vermaak bedryf.

Voer 'n kort onderhoud met Nero waarin jy hom uitvra oor sy sieninge van gode en godsdiens.

c) DINKSKRUM:

Hoe dink julle, sou 'n Romeinse keiser soos Nero, op onderstaande brief van een van sy goeweneurs reageer?



Figure 4.26

Assessering

LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – DIE LEERDER IS IN STAAT OM GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP TE TOON.

2.1 Verstaan kronologie en tyd. Saamstel van 'n historiese tydlyn met v.C, n.C, antiek, modern (p. 2, 22)

2.2 Verskaf redes waarom 'n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge). Kan in mondelinge en geskrewe vorm bewyse verskaf van oorsake/gevolge van gebeurtenisse, en patrone raaksien.

2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille). Toon ooreenkomste/verskille aan tussen vandag en 'n spesifieke tydperk se situasies en plekke deur van geskrewe getuienisse gebruik te maak.

Memorandum

Aktiwiteit 2

(a) Die antieke Romeine het verskillende gode vir verskillende aspekte van hul lewens gehad. Daar was ook gode van die see, vuur, musiek, liefde, ens.

In Rome gebruik Nero die Christene as sondebokke na 'n groot brand die grootste deel van die stad vernietig het. Christene is in hegtenis geneem en gestraf: hulle is vir wilde diere gevoer.

Van die Romeine is verwag om lojaliteit aan die staat te betoon. Aanbidding van die keiser is aangemoedig as 'n manier om eenheid onder die mense van die Ryk te bewerkstellig. Dit is o.a. gedoen deur wierook voor 'n beeld van die keiser te verbrand. Vir die Christene was hul eerste plig lojaliteit aan God, wat 'n hoër gesag was. Dit is as 'n dreigement en rebelsheid beskou, veral omdat Christene ook geweier het om belasting te betaal of die keiser te aanbid.

4.4 Die Romeinse weermag[4]

4.4.1 SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

4.4.2 Graad 5

4.4.3 DIE ANTIEKE ROMEINSE RYK: 500 v.C. – 500 n.C.

4.4.4 Module 16

4.4.5 DIE ROMEINSE WEERMAG

Die krag van die Romeinse Ryk het gelê in sy magtige weermag. Hul hoofdoel was om die Ryk te beskerm en vrede te bewaar. Aan die begin was daar slegs 'n plaasstelsel. Daar was egter te min soldate en hulle het oorgeskakel na 'n staande mag.

In 200 v.C. was daar slegs vier legioene (6 000 man elk) teenoor die 28 van 50 n.C. Die weermag was soos 'n goed geoliede masjien. Soldate moes hul eie wapens (swaarde, spiese, skilde) voorsien. Daar is weekliks geoefen, in onder meer die kuns om saam te veg, wapens te hanteer en te dril, sodat elke soldaat presies geweet het wat sy plig in die legioen is. Verder het hul sukses daarin gelê dat 'n bevelvoerder sy eenhede kon rondbeweeg tot waar hul die nodigste was. As 'n spesifieke eenheid lafhartig was, is elke tiende man in dié groep gedood om as voorbeeld te dien vir die res.

AKTIWITEIT

OM DIE OORSAKE EN GEVOLGE VAN DIE ROMEINSE WEERMAGOPTREDE, ASOOK PATRONE, RAAK TE SIEN

[LU 2.2]

Ons gaan eers die daaglikse lewe van soldate leer ken!

a) Benoem elke deel van die soldaat se uitrusting. Gebruik slegs die letters.

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25800/1.1/>.

Figure 4.27

Helm	
Liggaamskild van leer en ysterplate	
Ysterswaard met beenhandvatsel	
Spies met ysterpunt en houtsteel	
Skild van hout met leer gedek	
Gordel/voorskoot van metaal	
Leersandale met ystersoolknoppe	
Dolk	

Table 4.6

Gesels nou in jul groep oor hoekom elke item van die wapenrusting spesifiek so ontwerp is.

b) **Die legioene kon in verskillende formasies beweeg en aanval. Verduidelik, deur sketse, hoe jy die volgende sou aanval:**

- 'n sterk fort;
- 'n groep aanstormende olifante!



Figure 4.28

c) **DINKSKRUM:**

Verduidelik vir jou maat hoekom (oorsake) die Romeinse leër beroemd geraak het vanweë die manier waarop vyandelike stede beleër is.



Figure 4.29

d) **Kies jou eie aanvalsplan!**

Die volgende spel gaan jou vermoë om oorsake en gevolge raak te sien, tot die uiterste beproef!

Keiser Claudius besluit om 'n vyandige Britse stam, die Britte, aan te val. Hy het egter min geld beskikbaar omdat hulle besig is om meer skepe vir die Ryk te bou en ook duisende soldate moet betaal. Meegaande abakus toon hoeveel geld jul kan spandeer – verteenwoordig deur vyf krale.

Bestudeer vooraf die geheime inligting op die volgende bladsye deeglik, en help die keiser om 'n geskikte kombinasie uit te werk. Kleur jul keuse (ry krale) op meegaande abakus in. Die koste word by elkeen aangedui bv. LL.



Figure 4.30

Abakus

GEHEIM! GEHEIM! GEHEIM!
BRITTE
1. Veg met swaarde, klein skilde in enkelformasie. Geen Liggaamskild. Swak gedissiplineerd. Hardloop weg as dinge verkeerd loop.
2. Vervoer twee tot drie krygers per strydwa. In formasie. Hul strydwaens kan ons soldate se formasies totaal opbreek.
3. Hul bly in forte wat duisende soldate huisves. Hekke is stewig, beskerm met geweldige hoë mure rondom.
GEHEIM! GEHEIM! GEHEIM!

Figure 4.31

GEHEIM! GEHEIM! GEHEIM!

ROMEINE - Ons! Vyf opsies:

Legioen (6 000 man) kos L. Daar is ook Legioen-hulptroepe (6 000 man) met spesiale vaardighede: boogskutters en swaardvegters.

Olifante (40 olifante) kan op Claudius se spesiale skip vervoer word. Dis moeilik vir die vyand om hul dood te maak, maar self moeilik om hul te beheer. Die Britte het hulle nog nooit gesien nie. Koste vir 40 olifante: O.

Voedsel: Dit sal moeilik wees om dit te bekom indien die Britte voortdurend aanval. Koste vir die weermag vir een week: V.

Die Kavallerie (Ruitery) moes vlugtende vyand agtervolg, boodskappe oordra, kos soek. Sonder stiebeuels is hul nie stewig in saal, veral teen goeie soldate of strydwaens. Koste van 500 man/perde: KV.

Dié reuse katapulte kon groot rotse en reuse spiese skiet om 'n vyandige stad se mure en hekke te beskadig. Dis gemaak van hout en toue wat styf gespan is. Koste van 200 katapulte: KT.



Figure 4.32

e) Skryf, na aanleiding van die dinkskrum, 'n kort briefie aan die keiser en verduidelik *waarom* jy bogenoemde *keuse* gemaak het. Verwys ook vlugtig na jou beplande *gevegstegniek* om die Britte te verslaan. (Jy mag ook jou eie blad met sketse tussen-in gebruik.)

f) **Soldate-spel!**

Dié spel sal jou 'n goeie idee gee van 'n dag in die lewe van 'n Romeinse soldaat wat nie besig is om te veg nie. Weereens sal jy 'n deurlopende verband tussen oorsake en gevolge raaksien.

Reëls: Gebruik 'n dobbelsteen en twee merkers en speel in pare.



Figure 4.33

4.4.6 Assessering

LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – DIE LEERDER IS IN STAAT OM GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP TE TOON.

2.1 Verstaan kronologie en tyd. Saamstel van 'n historiese tydlyn met v.C, n.C, antiek, modern (p. 2, 22)

2.2 Verskaf redes waarom 'n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge). Kan in mondelinge en geskrewe vorm bewyse verskaf van oorsake/gevolge van gebeurtenisse, en patrone raaksien.

2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille). Toon ooreenkomste/verskille aan tussen vandag en 'n spesifieke tydperk se situasies en plekke deur van geskrewe getuienisse gebruik te maak.

4.4.7 Memorandum

Aktiwiteit

(a)

Helm	d
Liggaamskild van leer en ysterplate	e
Ysterswaard met beenhandvatsel	c
Spies met ysterpunt en houtsteel	a
Skild van hout met leer gedek	h
Gordel/voorskoot van metaal	f
Leersandale met ystersoolknoppe	g
Dolk	b

Table 4.7

(c) Die reuse **katapulte** kon groot rotse en reuse spiese skiet om 'n vyandige stad se mure en hekke te beskadig. Dis gemaak van hout en tou wat styf gespan is.

Attributions

Collection: *Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis Graad 5*
Edited by: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/col10987/1.2/
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Jou provinsie se verlede: argeologie"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25763/1.1/
Pages: 1-5
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Jou provinsie se verlede: sketse en diagramme"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25774/1.1/
Pages: 5-11
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Jou provinsie se verlede: Kaarte"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25773/1.1/
Pages: 11-17
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Jou provinsie se verlede: navorsingstaak"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25775/1.1/
Pages: 17-21
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Leefwyse van die vroeere bewoners"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25777/1.1/
Pages: 23-29
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die San en die Khoina"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25780/1.1/
Pages: 29-36
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die swart mense"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25781/1.1/
Pages: 37-43
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die mense van Europa en Asie"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25782/1.1/
Pages: 43-46
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Inheemse wonings"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29351/1.1/
Pages: 47-52
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Vroee Kaapse huise en pioniershutte"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29516/1.1/
Pages: 52-61
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Voedsel vir Afrika"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29524/1.1/
Pages: 61-67
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Musiek uit Afrika"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29536/1.1/
Pages: 68-74
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Romeinse Ryk: Ontstaan en leefwyse"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25793/1.1/
Pages: 75-82
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Drie besienswaardighede in Rome"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25797/1.1/
Pages: 83-90
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Skole en kerke in die Romeinse Ryk"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m29547/1.1/
Pages: 91-97
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die Romeinse weermag"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25800/1.1/
Pages: 97-104
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

About Connexions

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.